Ek praat nou van hier, waar jy gestaan het. Ek wil nie van saracens aan die Suidekant weet nie - hier aan die Noordekant. Was daar nie ander hier geparkeer nie? --- Daar was vier of vyf saracens, maar ek kan nie hulle posisies almal presies onthou nie.

Was hulle agter julle, of voor? ---Hulle was agter ons geparkeer.

Nou, kan ons net teruggaan na jou aankoms. Hoeveel manne was in jou voertuig? ---Ons was drie.

Almal gestasioneer waar jy gestasioneer is - Johannesburg Radio Hoofkwartiere? --- Dit is reg.

Was hulle gewapen? ---Hulle was gewapen gewees.

Waarmee? --- Hulle was elkeen met 'n sten uitgereik gewees.

Twee manne met stengewere? ---Ja.

Wat was hulle name? --- Van Wyk en du Plessis.

Het hulle met die stengewere geskiet? --- Dit kan ek nie sê nie.

DIE VOORSITTER: Was hulle naby jou gewees, of het hulle elders gestaan? --- Ek weet nie watter posisie hulle ingeneem het nie. Hulle was nie naby my gewees nie.

KRUISVERHOOR HERVAT: Hulle het nie langs jou gestaan nie. Het jy van die manne wat aan albei kante van jou gestaan het, geken? ---Nee.

Die saracens het ook van Johannesburg af gekom. Is dit korrek? --- Twee van hulle, ja.

Ek praat van die twee wat vanaf Johannesburg gekom het. Daardie twee wat jou vergesel het - het hulle van Johannesburg af gekom? --- Dit is reg: van Auckland Park.

Het jy die bemanning daarop geken? --- Ja, ek het van die manne op die saracens geken.

En hulle was onder die bevel van kapt. v.d. Linde, en hy sal seker al die name ens. van sy bemanning kan gee? ---Ja, hy behoort seker.

Hierdie twee wat saam met jou gery het, van Wyk en du Plessis, waar hét hulle hul stengewere getrek - in Johannesburg? ---Ja.

--- Wie ---

Wie is die persoon wat die ammunisie daar uitgereik het? —— Ek kan nie onthou wie dit is nie, maar dit kon een van twee persone gewees het; dit moes óf die opsigter gewees het, in die beheerkamer, die radio-beheerkamer....

Sy naam is? —— Dit kon sers. Pieterse gewees het, of die offisier wat die oggend daar aan diens was, maar ek weet nie wie dit is nie.

Het jy 'n rapport ingedien in verband met die skote deur jou afgeskiet? —— Dit is reg.

Aan wie het jy jou rapport gemaak? —— Aan my stasiebevelvoerder.

Sy naam is? —— Hoofkonstabel Viljoen.

DIE VOORSITTER: Watter aantal het jy aan hom opgegee? —— Drie. Ek het toe 'n rapport ook ingesit.

KRUISVERHOOR HERVAT: Dit is die gebruik, volgens staande orders? —— Dit is reg.

Ten tyde van die skietery, hoe het julle gestaan; in een lyn, of meer as een? —— Net in een lyn.

Reg af, aan die Westekant, vanwaar jy gestaan het, tot aan die Suidelike hoek - in een lyn? —— Ja.

En die offisiere het voor julle gestaan, tussen waar julle gestaan het, en die skare? —— Van hulle het daar gestaan, een of twee wat ek kon sien. Daar was natuurlik van hulle agter ons ook gewees.

Die naaste offisier aan jou, wie was dit? —— Wel ...

En ek praat nou van die wat voor jou gestaan

—— het ——

het, natuurlik; jy kon nie sien wat agter jou was nie? —— Die enigste offisier wat ek voor my opgemerk het, daardie tyd, was kol. Pienaar gewees. Hy was in die omgewing van die hek gewees.

Hy het min of meer voor jou, in die omgewing van die hek gewees? —— Dit is waar ek hom die laaste keer opgemerk het, toe hy die bevel gegee het om te laai.

Min of meer hoe ver was dit van jou? —— Dit was ongeveer tien na vyftien treë vanwaar ek was.

Was daar ander voertuie, d.w.s. nie saracens nie maar ander voertuie, voor in die polisieterrein, ten tye van die skietery? ——Meen u nou aan die voorkant?

Ek praat nou van die Westekant, waar daar 'n soort van 'n grasperk is - op daardie grasperk? —— Sover ek kan onthou, was daar net saracens gewees.

En het jy gesien waar kol. Pienaar sy kar parkeer het? ——Nee.

Jy het nie opgemerk nie? —— Ek het nie opgemerk nie.

Sover jy weet, het dit nie op die grasperk gestaan nie? ——Nie op die grasperk self nie, nee.

Kon jy sien of daar manne op die saracens staan, of het jy nie gekyk nie? —— Nee; ek het nie na die saracens gekyk nie.

In watter rigting het jy geskiet - reg Wes? —— Reg Wes.

Was daar enige skietery na die Noordekant? —— Ek sou regtig nie kan sê nie.

—— Dit ——

Dit wil sê, in die rigting van die draadheining aan jou regterkant? ---- Ek sal nie kan sê nie.

Jy weet nie of iemand in daardie rigting geskiet het nie? ---Nee.

Het jy opgelet of iemand miskien Noord-Wes geskiet het? ---Nee. Dit is moeilik om daardie tyd te kyk waar skiet ander mense.

Nee, ek verstaan, natuurlik, dat jy nie alles kan sien in so'n kort tydperk nie. Aan die begin van die skietery, is aan ons gesê, het die skare omgedraai en gehardloop. Is dit wat u ook waargeneem het? --- Nie onmiddellik nie. Sommige het gewyk, maar die groter meerderheid het nog daar gestaan en klippe gooi.

Waar het hulle presies - jy moet aan my mooi verduidelik presies waar die klompie nog gestaan het na die eerste skote die eerste geskiet is? --- Dit is voor my ...

Sal dit beter wees as jy op die kiekie wys? --- Dit sal makliker wees.

Kyk na Bewysstuk "B" - dit is 'n lugfoto van die Polisiekamp. Waar jy gestaan het, is aan die Noordekant, op daardie gedeelte van die grasperk? ---Ja.

Waar het die skare gestaan wat jy sê, nie onmiddellik gewyk het nie? --- Sommige van hulle, aan die regterkant.

Kan jy die punt uitwys?

DIE VOORSITTER: Probeer dit verduidelik ten opsigte van 'n punt voor jou of 'n punt links van jou of 'n punt regs van jou?

MNR. PLEWMAN: As ek dit mag voorstel, Edelagbare,

---- as ----

as hy 'n punt kan uitwys, kan ek miskien 'n beskrywing daarvan gee.

DIE VOORSITTER: Mnr. Plewman, hy het reeds gesê dat hy was min of meer teenoor die tweede hoekpaal, van die regterkant af. Nou, met betrekking tot daardie besondere hoekpaal, of tenminste, nie hoekpaal nie maar yster heiningpaal, waar was die wat jy hou na verwys as die persone wat nie onmiddellik gewyk het nie; waar was hulle gewees? --- Ek weet nie of ek mnr. Plewman reg verstaan het nie - hy het gesê die skare wat nie onmiddellik gewyk het nie - wat onmiddellik gewyk het en nie padgegee het nie.

KRUISVERHOOR HERVAT: Nee, ek het gesê wat nie onmiddellik padgegee het nie? --- Dit was reg voor my.

Reg voor jou, dit wil sê, by die tweede ysterpaal? ---Ongeveer, ja.

En hoe ver van die draad af? ---Ongeveer tien treë van die ...

Van die straat se kant van die draad? ---Ja.

En hoe lank het hulle gestaan? --- Vir 'n hele paar sekondes.

Wat het geword van die wat teen die draad was? --- Toe die skietery begin, was van die Bantoes gewond gewees, en hulle het daar bly sit of bly lê. Sommige het weggehardloop. Maar die wat in die agterlinies was, het nog met klippe gegooi; hulle het nie onmiddellik gewyk nie.

Hoe lank het die klipgooiery aangehou? --- Ongeveer dieselfde tydperk as wat daar geskiet was.

--- So ---

So, toe die skietery gestaak was, het daardie mense nog daar gestaan? ---Nee; toe het hulle gewyk. Toe was daar nou nie meer Bantoes wat daar gestaan het nie. Hulle het almal gehardloop.

Wat daar gestaan het nie - jy sê die klipgooiery het aangehou vir solank daar geskiet was? --- Ongeveer, ja.

En toe die skietery klaar was, het hierdie mense al weggehardloop? --- Ja; toe die offisier sê "Skiet", was die meeste Bantoes al weg gewees. Maar niemand het meer klippe gegooi, sover ek kon sien nie.

Die offisier het gesê, "Skiet"? --- Toe die offisier sê ons moet ophou skiet.

O, jy het net 'n fout gemaak; jy het gesê "Toe die offisier sê 'Skiet'"? --- Nee, "ophou skiet". Ekskuus. Verskoon my dat ek so gesê het.

Watter offisier het gesê julle moet ophou skiet? --- Ek ken nie al die offisiere wat daar was nie.

Waar jy gestaan het, het dit van voor gekom, of van agter? --- Van agter.

Nou, kan ons teruggaan na my vraag: Hoe lank het daardie mense nog gestaan nadat die eerste skote geval het?

DIE VOORSITTER: Neem dit nou van die begin af, stadig; jy hoef nie haastig te wees nie. Dink daaroor na voor jy praat. Jy het die posisie onmiddellik voor daar geskiet is. Toe het daar - voor jy geskiet het, het daar skote geval? ---Ja.

Nou, wat het toe gebeur? Vertel ons net van wat

--- in ---

in jou gesigsveld was, voor? ---- Van die Bantoes wat naby die draad gestaan het, en wat nie raakgeskiet was nie, het weggehardloop. Maar soos ek sê, die wat agter gestaan het, agter die agter-linies, het nog bly staan en klippe gegooi.

Toe jy nou skiet - jy sê jy het 'n bietjie later begin skiet? ---- Ja.

Dit was 'n kwessie van sekondes, maar jy het later as die eerstes begin skiet? ----Ja.

Toe jy nou jou eerste skoot vuur, wat was die posisie voor jou gewees? Was almal toe reeds besig gewees om weg te hardloop. Met ander woorde, was al die skare, vir sover dit voor jou was, met hulle rug na jou gekeer, of was daar nog wat gestaan het of wat was die posisie? ---- Daar was nog wat gestaan het, na ons gekyk het en klippe gegooi het.

KRUISVERHOOR HERVAT: Hoeveel? ---- Dit is moeilik om te sê, maar daar was baie gewees.

Ek wil nie presies weet nie - min of meer? ---- Daar was baie gewees.

Maak 'n skatting? ---- Reg voor my was daar seker, wat ek kon sien, maklik 'n honderd gewees.

Toe was die Polisie besig om te skiet in die rigting van daardie mense? ----Is dit nou - praat u nou van kort nadat die eerste skote geklap het?

Die eerste skote het geklap. Van die wat stilgestaan het, het weggedraai of geval; 'n ander klomp, sê jy, van meer as 100 het nog daar gestaan en gegooi? ---- In my gesigsveld, wat ek kon sien, ja.

---- Het ----

Het die Polisie na hulle-toe geskiet, vir hulle probeer raakskiet? ---- Ek weet nie of die Polisie na hulle-toe geskiet het nie; maar ek het direk geskiet op die skare.

Wat ek wil weet is, hoe lank het hulle daar gestaan en klippe gegooi? ---- Seker ongeveer tien sekondes.

Hulle het tien sekondes gebly, en nou, as ons nou kan gaan na die posisie na die laaste skoot geskiet is, na die skietery gestaak is; toe was die wêreld voor julle skoon. Daar was net lyke en beseerdes wat gelê het, nie waar nie? ---- En mense wat weg hardloop, ja.

Mense wat weer opgestaan het en weggehardloop het? ---- Dit is reg.

Maar ek praat nou van die straat aan die Westekant, Niemand het daar gestaan nie - toe die skietery ophou, het niemand in die straat aan die Westekant nog bly staan nie. Dit is getuienis wat ons alreeds gehad het, en ek wil net weet of u nog daarmee saamstem? ---- Voor die Polisiestasie het daar niks gestaan nie. Aan die Westekant het daar nie gestaan nie, maar daar het van hulle weggehardloop, 'n ent van die Polisiestasie af. Maar in die onmiddellike omgewing van die Polisiestasie het daar nie Bantoes gestaan nie.

In daardie straat, tussen die draad aan die Westekant van die Polisiestasie en die draad aan die Oostekant van die kliniek, oorkant? ---- Dit is reg.

En onmiddellik voor jou, hoeveel lyke het daar gelê? ---- Ek sal nie kan sê nie. Ek het gaan kyk daar,

---- en ----

en ek kon nie sê hoeveel dood is, en wie lewendig was nie. Ek het gesien daar is wat lewe.

In ieder geval, dit kom hierop neer, dat daardie klomp wat nog gestaan het en nog klippe gegooi het, hulle was seker van vooraf geskiet? --- Dit kan moontlik wees, ja.

Dit moet wees, nie waar nie? Jy kan nie 'n klip agtertoe gooi nie? --- As hulle raakgeskiet was, moes hulle van voor af geskiet gewees het.

DIE VOORSITTER: Mnr. Plewman, ek weet nie of hierdie getuie veel daar kan help nie. Dit hang daarvan af, vanwaar die man skiet. As iemand van die Suidekant skiet na die Noordelike hoek-toe, dan sal hy hom klaarblyklik nie van reg voor raakskiet nie.

MNR. PLEWMAN: Wel, Edelagbare, as ek dit wel gesê het, dat dit reg voor is, is dit foutief. Ek het dit nie bedoel nie. Maar ek sal dit nie verder neem nie.

DIE VOORSITTER: Jy praat nou van 'n groep mense wat bly staan het, wat klippe gegooi het, en dat jy op hulle gevuur het. Tussen jou en hulle, was dit skoon veld of was daar mense wat nog beweeg het, en gehardloop het? Wat was die posisie? --- Daar het mense gelê wat raakgeskiet was, en wat gehardloop het.

Dan kom ons na die skote wat jy gehoor het voor jy self geskiet het. Jy sê jy weet nie van welke kant dit gekom het nie. Maar was dit 'n

--- sarsie ---

sarsie, of was dit enkele skote, of hoe wat dit? ––– Dit was eers enkel skote gewees.

Hoeveel? ––– Ek sal nie kan sê nie.

DIE VOORSITTER: Waar het daardie enkel skote vandaan gekom - weet u? ––– Dit was aan my linkerkant, soos ek gestaan het - vanaf die Suidekant.

KRUISVERHOOR HERVAT: Was daar vyf enkelskote, of ....? ––– Dit kon maklik soveel gewees het, ja.

En onmiddellik daarna het die sarsie losgebars? ––– Dit is reg.

Hoe lank, sou jy sê, sou dit vir jou vat om drie skote af te skiet; / met 'n rewolwer - seker baie gou? ––– Baie gou.

DIE VOORSITTER: Die rewolwers wat julle het, is dit bloot 'n kwessie van die sneller trek? ––– Dit is reg. Jy hoef nie oor te haal nie.

As die een skoot wat in die loop is, afgevuur is, kom daar outomaties nog 'n koeël in die loop, dan? ––– Soos jy jou sneller trek, ja.

- VERDAAG: 11.15 v.m. -

- HERVAT: 11.30 v.m. -

ANDRIES ABRAHAM STRUWIG, nog onder eed:

KRUISVERHOOR DEUR MNR. PLEWMAN HERVAT: Kan u - is u van die Bantoetale magtig? ––– Nee.

So, as u nou sê dat daar aanmerkings was, kan u dit net sê as hulle dit in een van die twee amptelike tale gesê het? ––– Dit is reg.

Jy het die kar bestuur?––– Dit is reg.

––– Waar –––

Waar het die ander twee kêrels gesit? ---- Die een het voor langs my gesit, en die ander een het agter in die kar gesit.

Sou hulle ook die aanmerkings gehoor het, waarvan jy gepraat het? ---- Ja.

Jy het gepraat van 'n aanmerking toe jy naby, by die Polisiestasie kom, dat jy gehoor het dat iemand geë het "Cato Manor"? ---- Dit is reg.

Was dit net eenkeer dat jy dit gehoor het? ---- 'nHele paar keer.

Hoeveel keer? ---- Ek sal nie kan sê nie.

DIE VOORSITTER: Waar was dit nou gewees? ---- Dit was in die omgewing van die polisiestasie; ongeveer dertig treë van die Polisiestasie af.

KRUISVERHOOR HERVAT:

/Het hulle hard geskree? ---- Taamlik hard.

Die ander Polisie sou dit ook gehoor het? ---- Wat in die kar saam met my was - ja.

Was dit hard genoeg vir die wat alreeds in die Polisiegronde was om te hoor? ---- Dit is moeilik om te sê. Ek glo nie hulle sou dit kon hoor nie.

DIE VOORSITTER: Kan u net vir my sê: Toe daardie woorde gebruik was, was dit die enigste woorde wat gebruik was, of was daar rumoerigheid elders gewees; wat was die posisie? ---- Ja; die skare het orals geraas.

Die mense wat u sê wat dit geskree het, waar was hulle? Hoe ver weg was hulle van jou motorkar? ---- Hulle was reg by die kar gewees.

Reg by die kar? ---- Dit is reg.

----KRUISVERHOOR ----

KRUISVERHOOR HERVAT: Het dit gekom van een kant van die kar af? ---- Om die kar, van die Bantoes wat daar was.

Dit was maar net op daardie plek dat jy dit gehoor het, en nie weer later nie? ---- Ek het dit daarna, terwyl ek in die Polisiegronde was, gehoor - een- of tweekeer.

Waar het jy toe gestaan? ---- Dit was ongeveer in die omgewing waar ek was toe die skietery plaasgevind het.

Het jy nog nooit uitgevind wie die mense is wat langs jou gestaan het nie? ---- Nee.

Het jy met die ander twee kêrels wat saam met jou gery het, gepraat na die voorval? Na die skietery? Julle het seker weer saam teruggery, Johannesburg-toe? ----Ja. Ons het gepraat oor die gebeure van die dag.

Het hulle vir jou gesê of hulle geskiet het, of nie? ----Nee, ons het nie daaroor gepraat nie.

Maar hoekom nie? ---- Ons - hulle het nie vir my gesê of hulle geskiet het nie, en ek het nie vir hulle gevra of hulle geskiet het nie. Na die skietery was daar 'n offisier gewees wat name van die persone gevat het wat geskiet het, en dit het my toe nie aangegaan nie en ek weet nie of hulle in dieselfde rye gestaan het as ek nie. Die wat geskiet het, het in die een kant ingeval en die wat nie geskiet het nie, in die ander kant.

DIE VOORSITTER: Wanneer was dit? ---- Dit was na die skietery.

---Nog ---

Nog daar by Sharpeville? ---- Daar by Sharpeville, ja.

Voor julle uiteen gegaan het? ---- Voor ons uiteen gegaan het.

KRUISVERHOOR HERVAT: In elk geval, julle drie het nooit daaroor gepraat nie, en nie probeer vasstel wie geskiet het nie? ---- Dit is reg.

Die gevaar wat jy gesien het, dat mense miskien oor die draad kom spring, sover ons tot dusver gehoor het, het die skare nie oor die draad gespring nie. Ons het gehoor van enkeles wat vroeër af-en-toe oor die draad gespring het, maar hier, met die skietery het niemand oor die draad gespring nie? ---- Dit het voorgekom asof hulle oor die draad wou kom.

Die vraag is, niemand het oor die draad gespring nie? ---- Waar ek was, het ek niemand oor die draad sien kom nie.

En die draad het nog gestaan na die skietery? ----Ja, maar dit het oorgehel, seker ongeveer 45°.

Dit het na die skietery 45° oorgehel, dink jy? ---- Voor die skietery het dit al begin oorhel .

En na die skietery was dit oor tot op 45°? ---- Dit is reg, ongeveer.

En dit het daar so bly staan? ---- Die Polisie het dit toe opgetrek - van die Polisiemanne daar het dit weer reggedruk.

DIE VOORSITTER: Wanneer het jylaas die Sharpeville Polisiestasie gesien? ---- Gister.

Het jy opgelet na die heining, daar? ----Ja,

---- dit ----

dit is byna normaal, sou ek sê; dit staan regop.

KRUISVERHOOR HERVAT: Watter Polisiemanne het die draad weer reggedruk? --- Nee, ek weet nie.

Jy ken hulle nie? --- Nee.

Het die offisier 'n bevel gegee dat hulle dit moet doen? --- Nee, sover ek weet nie. Ek het net gesien hulle werk daar aan die draad; hulle het die draad teruggedruk.

Hoeveel? --- Nee; ek kan nie onthou presies hoeveel persone daar was nie.

Is dit iets wat almal moes gesien het; wat 'n offisier self sou kon sien? --- As 'n offisier in daardie omgewing gewees het, sou hy dit kon gesien het.

Hoe laat was dit? --- Dit was ongeveer twee of drie uur na die skietery.

Twee of drie uur na die skietery was julle nog daar? --- Ja.

Sien, sers. Grobler het vir ons gesê dat die draad nog gestaan het presies soos dit was, na die skietery, die dag toe ons hier met die eerste getuie begin het? --- Die Polisiemanne - daar was onder andere 'n Bantoe by gewees; hulle het, wat ek gesien het, die draad teruggedruk. Hy en blankes - ek kan nie sê hoeveel dit was nie.

DIE VOORSITTER: Sal jy daardie mense kan uitken? --- Nee. Hulle is onbekend aan my.

KRUISVERHOOR HERVAT: Is jy seker van wat jy sê? --- Ek is seker daarvan.

Jy het seker geweet dat na so'n voorval een

--- of ---

of ander hofsaak, of een of ander amptelike navraag sou gedoen word, of iemand sou 'n verduideliking moes gee; dit het u geweet? —— Reg.

En al die Polisie daar het dit seker geweet? —— Ek vermoed so.

Natuurlik. En is dit nie van die belangrikste getuienis wat daar kon wees, dat die draad oorhel nie? —— Dit kan moontlik wees, ja.

En wil jy nou voorgee dat iemand so onnosel sal wees om dit reg te druk? —— Ek sê wat ek gesien het, daar.

DIE VOORSITTER: Watter heining het u gesien word aan gewerk? —— Aan die kant, daar waar ons gewees het, ten tye van die skietery. Dit wil sê, die Noordekant.

Die Noordelike heining, of die Westelike heining aan die Noordelike kant? —— Die Westelike heining aan die Noordelike kant.

KRUISVERHOOR HERVAT: Na die skietery was die offisiere hier besig om uit te vind watter manne geskiet het, en die wat nie geskiet het nie; hulle het alle reëlings getref om seker te maak dat getuienis wat beskikbaar is, bymekaar gemaak word? ——Ja.

Die offisiere wat in bevel was, sou seker vir ons kon sê wat daar aangegaan het? —— As hulle daar was; maar dit was twee/drie ure na die skietery gewees.

Ek wil kom by die manier waarop jy jou skatting gee van hoeveel mense daar was. Jy sê met jou aankoms was die straat vol Bantoes, en daar was van 7,000 tot

—— 10,000 ——

10,000 aan dievoorkant van die Polisiestasie, dit is aan Westekant? --- Ek het gesê wat ek kon sien.

Jy het ook gesê dat julle heeltemal omsingel was deur Bantoes wat gestaan het om die kar? --- Dit is reg.

Teenaan die kar? --- Dit is reg.

Hoe vorm jy dan jou skatting? --- Toe ek aankom na die Polisiestasie-toe, het ek die groot skare gesien. Maar toe ek nou nader kom, het hulle om die kar saamgedrom.

DIE VOORSITTER: Kyk 'n bietjie na Bewysstuk "B". Kan u net op Bewysstuk "B" vir my aandui van watter rigting het u gekom? --- Van die Noordekant af.

Het u langs daardie teerpad, Seeiso-straat, afgery, van die ingang, be? --- Dit is reg.

Sien u die pad wat daar aan die linkerkant van die foto met so'n halwe draai omkom na voor aan die Westekant van die Polisiestasie? --- Dit is die pad waarmee ek ingekom het.

Jy sien nou op hierdie foto hoeveel mense daar is? --- Ja.

Met betrekking tot hierdie foto, hoe het dit vir u geskyn toe u nou aangekom het van die Noordekant af? Sou dit min of meer dieselfde wees; was daar meer of minder? --- Ek sou sê daar sou min of meer dieselfde gewees het. Altemit 'n bietjie meer; maar vanwaar ek die eerste keer die Polisiestasie kon sien, is my skatting, wat ek kon sien, ongeveer 7,000 na 10,000.

Tot waar, min of meer. Min of meer waar sou

--- u ---

u die aantal in aanmerking geneem het? ––– Dit is aan die voorkant, aan die Westekant, aan die Noordekant en 'n gedeelte van die Suidekant.

Is dit nou die skare waarna u verwys, waar u sê daar was 7,000 na ...? ––– 7,000 na 10,000.

KRUISVERHOOR HERVAT: Daar is gepraat van sekere arrestasies by die hek. Het jy dit gesien? ––– Voor, of na die skietery?

Voor die skietery? ––– Ja.

Was daar ook arrestasies na die skietery? ––– Ja. Ek het 'n Bantoe daar gearresteer wat op die grond gelê het. Hy het geen beserings gehad nie, en hy het 'n dolk in sy broek gehad van minstens 15 duim - in sy broek ingesteek.

DIE VOORSITTER: Waar het jy hom gekry? ––– Ongeveer 5 treë van die draad af, aan die Westekant.

Hoe lank na die skietery?–––Onmiddellik na die skietery. Ons het tussen die gewondes geloop en die Polisie het hulp aangebied aan die beseerdes wat daar was, onder andere water vir hulle gebring, en ek wou toe seker maak of die Bantoe beseer was. Hy het geen beserings aan hom gehad nie. Hy het tussen die gewondes gelê. Ek het hom toe aangehou op Sharpeville vir besit van 'n gevaarlike wapen, voorlopig.

KRUISVERHOOR HERVAT: Hoe lank het hy dan daar gelê voordat jy hom arresteer het? ––– Ek sou nie kan sê hoe lank hy daar gelê het nie.

DIE VOORSITTER: Was dit ure, of minute, of ... ? ––– Dit was 'n geval van minute. Onmiddellik na die skietery.

––– Maar –––

Maar was hy bewusteloos, of wat was die posisie toe hy daar gelê het? —— Hy het - sy oë was toe gewees, maar ek glo nie hy was bewusteloos gewees nie.

Hoe het hy in die Polisiestasie gekom; het jy hom gedra, of het hy geloop? ——Ons het hom gedra.

En wanneer het hy bygekom? ——Hy het seker daar maklik drie ure gelê voordat hy begin praat het. Ons het water op hom gegooi om hom te probeer bykry, maar hy het maar net so gebly soos ons hom daar gekry het.

Het hy enige wonde - het julle probeer vasstel of hy wonde het? —— Ek het hom uitgetrek, sy hemp; sover ek kon sien, was daar geen beserings aan hom nie.

KRUISVERHOOR HERVAT: Hy kon moontlik aan skok gely het? —— Dit kan moontlik wees.

Om terug te kom na die arrestasies voor die skietery: Kan jy net vir my sê waar dit plaasgevind het, wie dit was wat die arrestasies gemaak het en wat gebeur het? —— By die hek, naby die hek het kol. Spengler gekom - ek weet nie of hy die Bantoe wou arresteer of wat nie, of vir ondervraging gevat het nie. Maar hy het 'n Bantoe daar weggeneem, in die Polisiestasie in.

Was die man buitekant die draad of binnekant die draad, of waar was hy? —— Nee; ek het net gesien toe kol. Spengler met hom loop. Toe was hulle al binne.

Hoe was die hek gewees? —— Ek sal nie kan sê of die hek oop, of toe was nie.

Is dit die enigste arrestasie wat jy gesien het? —— Voor die arrestasie, ja.

Net een? —— Ja.

——Het ——

Het jy opgelet of daar 'n man met 'n sakdoek op sy kop was, wat vir kol. Spengler daar gehelp het? ---- Nee.

Het jy 'n man met 'n sakdoek op sy kop binne die Polisiekamp gesien? ---- Nee.

Nie op enige stadium nie? ---- Nee.

Het jy die hek dopgehou, met die arrestasie, om te sien wat daar aangaan? ---- Met die een arrestasie - ek het net gesien toe kol. Spengler met hom wegstap, van die omgewing van die hek af.

Verder het jy niks gesien nie? ----Niks gesien nie.

GEEN VERDERE VRAE NIE.

MNR. LOUW: GEEN VRAE NIE.

HERVERHOOR DEUR MNR. CLAASSEN: Weet jy of die persoon wat jy sê wat die dolk gehad het, toe later aangekla was? ----Nee.

Toe jy by hom weg is, het hy maar nog daar gelê, of wat? ---- Toe hy nou bykom dat hy kan praat, het ek 'n klagstaat uitgemaak en 'n verklaring ingesit en dit aan die klagstaat geheg. Toe was hy heeltemal by sy volle verstand gewees.

Jy het hom nie later weer gesien nie? ---- Nee.

Op daardie stadium, toe hy bygekom het, was daar nog geen tekens van beserings wat hy gehad het nie? ---- Nee. Ek het hom ook gevra en hy het gesê hy het geen beserings opgedoen nie - toe hy bykom.

GEEN VERDERE VRAE NIE.

Het jy opgelet of daar 'n man met 'n sakdoek op sy kop was, wat vir kol. Spengler daar gehelp het? ---- Nee.

Het jy 'n man met 'n sakdoek op sy kop binne die Polisiekamp gesien? ---- Nee.

Nie op enige stadium nie? ---- Nee.

Het jy die hek dopgehou, met die arrestasie, om te sien wat daar aangaan? ---- Met die een arrestasie - ek het net gesien toe kol. Spengler met hom wegstap, van die omgewing van die hek af.

Verder het jy niks gesien nie? ----Niks gesien nie.

GEEN VERDERE VRAE NIE.

MNR. LOUW: GEEN VRAE NIE.

HERVERHOOR DEUR MNR. CLAASSEN: Weet jy of die persoon wat jy sê wat die dolk gehad het, toe later aangekla was? ----Nee.

Toe jy by hom weg is, het hy maar nog daar gelê, of wat? ---- Toe hy nou bykom dat hy kan praat, het ek 'n klagstaat uitgemaak en 'n verklaring ingesit en dit aan die klagstaat geheg. Toe was hy heeltemal by sy volle verstand gewees.

Jy het hom nie later weer gesien nie? ---- Nee.

Op daardie stadium, toe hy bygekom het, was daar nog geen tekens van beserings wat hy gehad het nie? ---- Nee. Ek het hom ook gevra en hy het gesê hy het geen beserings opgedoen nie - toe hy bykom.

GEEN VERDERE VRAE NIE.

SYBRANDT GERHARDUS VAN NIEKERK, beëdig, verklaar:

VERHOOR DEUR MNR. CLAASSEN: Mnr. van Niekerk, jy is 'n konstabel in die Suid-Afrikaanse Polisie, gestasioneer te Radio-Hoofkwartiere, Johannesburg? ---- Korrek.

Op Maandag, die 21e Maart hierdie jaar, het jy oor gekom na Vanderbijlpark? ----Korrek.

Vanaf Johannesburg; tesame met ander Polisie-beamptes? ----Korrek.

Onder wie se bevel was jy gewees? ---- Onder bevel van kapt. Brummer.

Is julle later na Sharpeville-toe? ---- Korrek.

Wat se voertuie het julle by julle gehad? ---- Ons het met saracens deurgekom.

Hoeveel saracens? ---- Drie.

Hoe laat het julle by die lokasie aangekom? ---- Om-en-by tien v.m.

Konst. Struwig, was hy by julle? ---- Ek sal nie kan sê nie. Hy was egter nie saam met my in'n saracen gewees nie.

Hoe laat sê u het u hier aangekom? ---- Ongeveer 10 v.m.

Wat het jy toe daar gevind, by die lokasie, toe jy daar kom? ---- Ek het gevind dat die Polisiestasie omring was deur 'n skare Naturelle.

Voor jy by die Polisiestasie gekom het, wat was die toestand in die lokasie as sulks? ----Orals waar ons gegaan het, het daar klompies-klompies Naturelle gestaan.

---- Was ----

Was jy bestuurder van die saracen? --- Nee.

Jy was binne in die saracen? ---Korrek.

Toe julle by die Polisiestasie aankom, wat was die grootte van die skare daar, omtrent, gewees? --- Dit is moeilik om te sê, maar volgens my skatting ongeveer 10,000 Naturelle.

Hoe laat het julle by die Polisiestasie-hek ongeveer aangekom? --- Ek sal nie met sekerheid kan sê nie.

En wat het julle met die saracens gemaak? --- Ons het hulle op die binneplein van die Polisiestasie geparkeer.

Het jy later vir kol. Spengler en kol. Pienaar en die mense ook daar gesien? --- Ek ken hulle nie persoonlik nie en sal nie kan sê of hulle daar was nie, alhoewel ek gehoor het dat dit wel genoemde offisiere was, wat daar was.

Ja, maar was jy bewus van die feit dat daar sekere offisiere op die Polisieterrein was - deur die hek, toe hulle opgekom het; was jy bewus daarvan? --- Korrek.

En was jy bewus dat dit Polisie-offisiere is? ---Korrek.

Hoe lank na jou aankoms daar het hulle gekom? --- Dit sal ek definitief nie kan sê nie.

Was dit geruime tyd of ...? --- Dit was 'n hele rukkie nadat ons daar was.

Het jy maar net met die saracen saam gegaan, of was jy een van die bemanning van die ...? --- Ek was een van die bemanning op die saracen gewees.

--- Watter ---

Watter vuurwapens was jy veronderstel om te hanteer? ---- Die stengeweer.

Het die stengeweer toe gedeelte van die bewapening van die saracen uitgemaak? ---- Korrek.

Maar gebruik jy dit terwyl jy op die saracen is? ----Nee. Jy kan dit vat met waar jy wil.

En jy kan dit ook bo-op die saracen gebruik? ---- Terwyl jy bo-op dit staan.

DIE VOORSITTER: Dit word nie bo-op die saracen gemonteer nie? ---- Nee. Gladnie.

VERHOOR HERVAT:

/Toe julle daar gekom het, het jy by die saracen gebly, of wat? ----Ja; ons het daar rond gestaan, om die saracens.

Het jy met jou stengeweer geskiet, daardie dag? ----Korrek.

Het jy van die saracen af geskiet? ---- Nee.

Waar was jy gewees? ----Ons was opgestel reg voor die draad, aan die Westekant van die Polisiestasie.

Het julle in 'n lyn gestaan? ----Korrek.

Was daar ander persone met stengewere langsaan jou, of met ander vuurwapens? ---- Daar was langs my met ander vuurwapens, sowel as stengewere.

Ja, maar, kyk, as julle in 'n lyn staan kan daar net twee persone langs jou wees? ---- Korrek.

Was daar 'n man met 'n stengeweer langs jou? ---- Altwee kante van my was daar mense met stengewere.

Met ander woorde, julle was drie bymekaar, of was julle meer? ----Korrek; ons was drie bymekaar,

---- wat ----

wat ek van weet.

Is dit manne wat jy geken het, van dieselfde afdeling as jy? ---Ja.

Drie manne wat met jou saamgekom het vanaf Radio-Hoofkwartiere, aldrie met stengewere, en hulle het bymekaar gestaan? --- Korrek.

Jy weet, daar is die dubbelhek, meer of min in die middel van die Westekant? --- Korrek.

Waar het jy gestaan in vergelyking met die hek? --- Dit was effens regs van die hek gewees. Daar was so'n klein boompie. Net langs die boom het ek gestaan.

Effens regs van die hek, sê jy? ---Korrek.

DIE VOORSITTER: Is dit die boompie op Bewysstuk "A"? ---Korrek.

Watter een van die boompies verwys u na? --- Van die duskant van die foto af, die tweede boompie - met duskant die pad wat indraai na die Polisiestasie-toe.

Dit wil sê, die eerste boompie aan die Noordekant van die paadjie wat toegang gee na die Polisiegebou? ---Korrek.

VERHOOR HERVAT: Het jy agter die boompie gestaan, of voor? --- Voor.

Waar sou jy sê, tydens die skietery, was die meeste Bantoes vergader? --- Dit is moeilik om te sê. Hulle was so-te-sê rondom die Polisiestasie, dit wil sê aan die Weste- sowel as aan die Suidekant van die Polisiestasie. Volgens my was die meeste gewees aan die Westekant van die Polisiestasie.

En hoeveel skote het jy geskiet? --- Een magasyn.

Hoeveel bevat dit? --- Dit is moeilik om te sê

hoeveel skote - hoeveel patrone daarin was, alhoewel die mense wat dit gelaai het, het gesê dat daar 25 patrone in was.

Is dit nie 'n geweer wat aan jou uitgegee is nie? --- Hulle word gelaai by ons hoofkwartiere en daarna aan ons uitgereik.

Enige tyd as julle uitgaan, word dit klaar gelaai? ---Korrek.

En jy wis nie hoeveel daarin is nie? --- Nee.

Hoeveel ondervinding het jy met die skiet van so'n geweer? --- Behalwe die kursus, was dit die eerste slag dat ek dit self gebruik het.

Hoe lank gelede het jy die kursus deurgemaak? --- Dit was in laasjaar gewees.

DIE VOORSITTER: Hoe lank is jy reeds in die Polisiediens? --- Vanaf die begin van Maart 1956.

VERHOOR HERVAT: Was jy by geen ander onluste nie? ---Nee.

Die stengeweer, is dit reg dat jy dit op snelvuur kan hê, of op enkelvuur? ---Korrek.

Het jy dit op snelvuur gehad, of op enkelvuur? --- Ek het dit op snelvuur gehad.

In so'n toestand soos daardie, nou, sou dit aan jou eie diskressie oorgelaat word of jy dit op snelvuur of enkelvuur sit, of wat? --- Ek skat so, ja.

Is daar geen instruksies in daardie verband nie? ---Nee.

Was dit op snelvuur toe jy dit gekry het, of het jy dit spesiaal so gestel? --- Dit was op snelvuur

--- gewees ---

gewees.

Van die tyd dat dit jou geneem het om die magasyn leeg te skiet, is jy in 'n vermoë om te skat hoeveel patrone jy afgeskiet het? ---- Dit is moeilik om te sê, aangesien hierdie geweer van my nie 100% reg was nie. Dit het 'n paar keer gelol om vas te hak, so ek kan nie sê hoeveel skote ek presies geskiet het nie, of hoe lank dit my geneem het om die magasyn leeg te skiet nie.

Hoe lank het die skietery geneem? ---Min of meer tussen 15 tot 20 sekondes.

Het jy nog geskiet tot op die laaste, of het jou skietery opgehou voor die skietery in die algemeen opgehou het? ---- Toe die eerste bevel kom dat ons moet ophou met skiet, het ek onmiddellik gestaak. Toe was my magasyn reeds leeg.

En toe die eerste skote geval het, het jy toe ook geskiet? ---- Korrek.

Sou dit korrek wees, dan, om te sê dat jy saam met die sarsie begin, en saam met die sarsie geëindig het - jou skietery? ---- Dit sal ek nie met sekerheid kan sê nie. Dit mag wees dat ek miskien 'n skoot of twee/drie na die eerste skote gevuur is, begin het, en dat ek ook min of meer dieselfde hoeveelheid voor die laaste skote gevuur is, opgehou het.

Dit is met 'n algemene indruk; 'n mens kan natuurlik nie met presiesheid sê nie? ---- Dit is korrek.

En hoe het jy jou stengeweer hanteer? Ek verstaan 'n mens kan die loop verskuif?---- Dit is korrek.

---- Sees ----

Soos die skote afgaan, kan jy dit verskuif, links of regs? —— Dit is korrek.

Hoe het jy te werk gegaan met hom? —— Ek het hom beweeg, van links na regs en weer van regs na links.

Watter veld sou jou koeëls gedek het - omtrent watter lengte? —— Dit hang af van die distansie van waar jou laaste patroon sal val, tot waar jou eerste patroon voor jou sal val. Dit hang net van daardie distansie af. Maar indien dit ongeveer twee of drie treë van jou af is, is dit nie 'n baie groot distansie wat dit kon beweeg het nie.

Laat ons net 'n bietjie duidelikheid kry daaroor. Kan jy vir ons met jou arms wys hoe jy dit hou? —— Ek het dit aan die magasyn gehad, hier (beduie); dan het ek hom hier agter, by die sneller vasgehou en teen my maag vasgedruk.

Sal jy met jou hande nou beweeg soos wat jy daardie dag beweeg het? —— Min of meer hierdie distansie (beduie).

Omtrent 'n voet of agttien duim? ——Min of meer. Ek sal nie met sekerheid kan sê nie.

En hoe ver is jou voorste hand/van die voorste gedeelte van die loop af? —— Dit is moeilik om te sê. Ek weet nie presies hoe lank die voorste deel van die stengeweer is, vanaf die magasyn tot by die punt van die loop nie.

Kan jy vir my benadering sê hoe ver die loop ... ? —— Dit is moeilik om te sê. Min of meer, om-en-by, ses duim.

—— Sou ——

Soos die skote afgaan, kan jy dit verskuif, links of regs? —— Dit is korrek.

Hoe het jy te werk gegaan met hom? —— Ek het hom beweeg, van links na regs en weer van regs na links.

Watter veld sou jou koeëls gedek het - omtrent watter lengte? —— Dit hang af van die distansie van waar jou laaste patroon sal val, tot waar jou eerste patroon voor jou sal val. Dit hang net van daardie distansie af. Maar indien dit ongeveer twee of drie treë van jou af is, is dit nie 'n baie groot distansie wat dit kon beweeg het nie.

Laat ons net 'n bietjie duidelikheid kry daaroor. Kan jy vir ons met jou arms wys hoe jy dit hou? —— Ek het dit aan die magasyn gehad, hier (beduie); dan het ek hom hier agter, by die sneller vasgehou en teen my maag vasgedruk.

Sal jy met jou hande nou beweeg soos wat jy daardie dag beweeg het? —— Min of meer hierdie distansie (beduie).

Omtrent 'n voet of agttien duim? ——Min of meer. Ek sal nie met sekerheid kan sê nie.

En hoe ver is jou voorste hand van die voorste gedeelte van die loop af? —— Dit is moeilik om te sê. Ek weet nie presies hoe lank die voorste deel van die stengeweer is, vanaf die magasyn tot by die punt van die loop nie.

Kan jy vir my benadering sê hoe ver die loop ... ? —— Dit is moeilik om te sê. Min of meer, om-en-by, ses duim.

—— Sou ——

Sou dit dan reg wees; as jou hand binne 12 duim beweeg het, dan was die voorste loop 'n bietjie verder gewees? --- Dit is korrek.

Hoe ver was jy omtrent van die draad af? --- Min of meer vier tot vyf treë.

Was jy net reg voor daardie boompie? ---Korrek.

Kon jy sien wat die uitwerking is van jou skietery? --- Dit is moeilik om te sê, as gevolg van die skietery wat ek gehad het, dat daar enige uitwerking was, of van die algemene skietery. Maar die Naturelle het daarop gereageer nadat ons geruime tyd reeds geskiet het.

Wat was die reaksie? --- Ten eerste wou hulle nie terugval nie, maar toe hulle merk dat daar van hulle mense val, en dat daar regtig moeilikheid is, het hulle begin ritireer.

Hoe lank, sou jy sê, het dit geneem voordat daardie reaksie ingesit het? --- Min of meer vyf tot ag sekondes nadat die skietery begin het.

DIE VOORSITTER: As jy dit sê, wil ek net graag weet; het die skietery met 'n sarsie begin, of het dit met enkele skote begin? --- Dit het met 'n sarsie begin.

Het jy enige enkele skote gehoor wat die skietery voorafgegaan het? --- Korrek.

Met betrekking tot waar u nou gestaan het, vanuit watter rigting het daardie skietery gekom? --- Vanuit die skare; vanuit die skare Naturelle. Dit het gekom, vermoedelik in ons rigting.

Jy sê jy het die skote gehoor? --- Korrek.

Was dit nie van die Polisie wat meer na die

Suidekant was nie? ---Nee; dit was min of meer reg voor van my.

Watter soort skote was dit? --- Dit is moeilik om te sê; vermoedelik rewolwerskote.

En hoe lank voor die Polisie begin skiet het, het jy daardie skote gehoor? --- Dit was kort voor ons begin skiet het dat hierdie skote geklap het.

En daarna, het daar enigiets anders gebeur voordat julle geskiet het? --- Die Naturelle het gepoog om oor die draad te klim wat om die Polisiestasie gespan is. Dit was alreeds half vooroor gebuig, in ons rigting, en hulle het ons gegooi met klippe. Hulle was ook gewapen met stokke, kieries, en ook onder andere handbyle.

Wat die wapens betref, wanneer het jy waargeneem dat hulle daardie wapens het? --- Voor die skietery het ek dit reeds opgemerk.

Hoekom het jy geskiet; het jy enige bevel gekry om te skiet? --- Nee. Ek het geskiet op my eie, aangesien ons lewens in gevaar was.

U sê die Polisie-skiet het met 'n sarsie begin? --- Korrek.

Daardie sarsie was, u sê, van vyf tot ag sekondes voordat die skare daarop reageer het? --- Korrek.

VERHOOR HERVAT: Nou, verstaan ek van jou dat jy nie 'n bevel gehoor het nie? --- Nee; daar was te groot lawaai gewees. Indien daar wel 'n bevel was, sou ons dit nie gehoor het nie.

Maar toe jy geskiet het, was jy onder die indruk

--- dat ---

dat 'n bevel gegee is, of het jy gewoet dat 'n bevel nie gegee is nie? --- Nee. Ek was onder geen indruk gewees nie, behalwe dat ons lewens in gevaar was.

Het jy eerste geskiet, of het andere voor jou geskiet? --- Soos ek reeds gesê het, dit is moeilik. Ek kan nie sê dat ek eerste geskiet het nie; ek kan ook nie sê ek het laaste begin skiet nie. Daar was egter reeds skote gewees toe ek begin skiet het.

As ek jou reg verstaan, meen jy dat jy op jou eie geskiet het, of dat jy jou lewe in gevaar beskou het? --- Korrek.

Ongeag die andere se skiet? --- Korrek.

Het jy 'n aantal skote afgeskiet - jy het die stengeweer van links na regs geswaai; het jy die effek van jou eie skote gesien? Het jy gesien mense wat jy nou reken, wat jy kom raakgeskiet het, self? --- Dit sal ek nie kan sê nie. Ons het drie stengewere langs mekaar. Elkeen van ons maak 'n beweging, met die gevolg, ons kan werklik nie sê watter van die drie stengewere 'n uitwerking gehad het nie, met die Naturelle onmiddellik voor ons nie.

Het jy nog aangehou skiet nadat die mense gedraai het? ---Nee.

Hoe ver was hulle van die draad toe jy jou laaste skoot omtrent geskiet het? --- Dit sou wees min of meer ses na sewe treë.

Toe jy jou laaste skoot geskiet het? ---Korrek.

Meen dit dat hulle toe hulle rug na jou gehad het, of wat? --- Nee; hulle het nie onmiddellik omgedraai en gehardloop nie. Hulle het agteruit geritireer. Daar mag van hulle wees wat wel omgedraai het.

Kon jy vanwaar jy gestaan het, gesien het wat die reaksie van die hele skare was, of praat jy nou van mense wat net onmiddellik voor jou was? ---- Ek praat net van die wat onmiddellik voor my was.

Jy kon nie sien wat die skare verder agtertoe doen nie? ---Nee.

Wat het jy werklik beskou as die grootste gevaar? Waaruit het die grootste gevaar eintlik bestaan?

DIE VOORSITTER: Jy het gesê jou lewe het in gevaar verkeer? ---- Korrek.

Wat bedoel jy? ---Indien daar by voorbeeld twee of meer Naturelle oor daardie draad sou gekom het, sou die hele klomp wat daar was, gestorm het en dan het ons geen hoop gehad om enigiets uit te rig teen hulle nie.

Het daar van die klippe vir jou getref, of nie? ---- Nee. Ek was gelukkig.

MNR. CLAASSEN: GEEN VERDERE VRAE NIE.

KRUISVERHOOR DEUR MNR. FLEWMAN: Konst. van Niekerk, die twee manne wat langs jou gestaan het met stengewere, wat is hulle name? ---- Die een is konst. van Zyl, en ek vermoed die ander een was van Wyk gewees. Ek is nie doodseker nie.

Het hulle ook met stengewere geskiet? ---- Ek kan nie sê nie; ek vermoed so.

Het jy nie gehoor dat skote daar so afgaan nie? ---- Daar was baie skote gewees. Ek kan definitief nie sê of daar enigiemand onmiddellik by my was wat ook geskiet het nie.

Was die uitwerking op die skare onmiddellik

---- voor ----

voor jou weëns jou eie skote? ---- Ek verstaan nie nou mooi nie.

Dit was jou eie skote, vir al wat jy weet? ---- Dit is moontlik.

Is hierdie twee kêrels altwee in jou afdeling? ---- Korrek.

Jy het nie met hulle gepraat om te hoor of hulle hul stengewere geskiet het nie? ---- Nee.

Het jy na die voorval saam met hulle teruggegaan Johannesburg-toe? ----Korrek.

Van toe af, het jy hulle 'n hele paar keer in Johannesburg gesien? ---- Korrek.

En jy het nog nooit vir hulle gevra of hulle met hulle stengewere geskiet het nie? ---- Daar het ons wel gesels, en daar het hulle wel aan my gesê dat hulle ook geskiet het.

Nou, hoekom sê jy vir my nou eers? Ek het jou gevra of die manne langs jou geskiet het? ---- Ek het reeds gesê ek kan nie sê of hulle geskiet het, al dan nie.

Jy kon mos maklik vir my gesê het "Hulle sê hulle het geskiet"? ---- Ek kan nie gaan op wat ek hoor en wat andere sê nie. Ek moet gaan op wat ek self weet.

Vat nou die eerste een, van Zyl. Wat sê van Zyl het hy weggeskiet - ook 'n magasyn? ---- Ek het hom nie so uitgevra daaromtrent nie. Hy het net aan my gesê dat hy wel met die stengeweer geskiet het.

Jy het nie vir hom gevra of dit snelvuur was, of hy'n magasyn weggeskiet het, of hy enkele skote weggeskiet het nie. Jy het hom niks verder gevra nie? ----Nee; ek stel nie daarin belang nie.

----Hoekom ---

Hoekom nie? ---Wel, ek gee om wat ek self doen en nie wat ander manne doen nie.

Hoekom het jy hom in die eerste plek gevra of hy geskiet het? --- Ek het hom nie gevra nie; hy het dit self aan my gesê.

Wat van die ander man? --- Dieselfde, met hom.

Jy weet nie of hy snelvuur geskiet het nie? --- Korrek.

Jy moet 'n spesiale kursus loop voordat jy toegelaat word om 'n stengeweer te gebruik? --- Korrek.

Hoe lank is daardie kursus? --- Die kursus wat ek geloop het, was net die verduideliking omtrent die geweer, en daarna een magasyn wat ons geskiet het op die oefenbaan.

Is dit aan u verduidelik hoe vinnig 'n stengeweer kan skiet? --- Dit is.

Hoe vinnig skiet hy? --- Ek sal nie kan sê nie, aangesien ek nie kan onthou nie.

Ses maande gelede, en jy kan nie onthou nie? ---Korrek.

DIE VOORSITTER: By benadering, is dit tien skote, of hoeveel, per minuut; of skiet dit vinniger, of stadiger? --- Dit is definitief vinniger dan tien skote per minuut, maar ek kan nie presies sê hoe lank dit neem nie.

KRUISVERHOOR HERVAT: Is julle gewaarsku dat 'n stengeweer 'n uiters gevaarlike wapen is? ---Korrek.

Is julle enige instruksies gegee omtrent wanneer julle 'n stengeweer moet gebruik? ---Korrek.

Wat is daardie instruksies? ---Indien jou lewe,

jou Polisiestasie of iemand anders se lewe in gevaar is, en daar geen ander uitweg is as om dit te gebruik nie.

Is dit die enigste instruksie wat u gegee is? ---- Wat ek kan onthou.

Is aan julle gesê wanneer julle dit moet gebruik op snelvuur of wanneer julle enkele skote moet skiet? ---- Nee.

Is aan julle gesê dat julle dit nooit moet gebruik tensy daar 'n bevel is van 'n offisier nie? ---- Nee.

Is dit nie deel van die staande orders dat jy nie mag skiet sonder 'n bevel nie? ---- Waar jou lewe in gevaar is, waar jou Polisiestasie of enigiemand anders se lewe in gevaar is, kan ons nie gaan op wat in staande orders is, dat jy nie mag vuur indien daar nie 'n bevel is nie.

Dit staan in staande orders, dat jy nie mag skiet as daar nie 'n bevel is nie? ---- Dit staan miskien daarin. Ek sal nie kan sê nie. Ek het nog nie daardie deel deurgelees, of dra geen kennis daarvan nie.

Jy het nog nie sover gekom as om staande orders deur te lees tot op daardie stadium nie? ----Korrek.

DIE VOORSITTER: Watter soort van diens doen jy in normale tye in Johannesburg? ---- Ek is by die Blitspatrollie; gewone patrolliewerk.

Watter dienste behels dit? Ek meen, wat doen julle? Is julle met uit in die stad? ---- Dit is korrek. Ons moet die hele omgewing patrolleer.

Patrolliedienste doen? ---- Dit is korrek.

KRUISVERHOOR HERVAT: Is julle gewapen as julle

---- patrolliediens --

patrolliediens doen? ---Korrek.

Moes jy 'n rapport indien in verband met die skote wat jy afgeskiet het? ---Korrek.

By wie het jy dit ingedien? --- Ek sal nie kan sê by wie ek dit ingedien het nie.

Aan wie moet jy sê hoeveel skote jy afgeskiet het? Wie is die persoon, volgens staande orders? --- Die een wat die verklaring van die skietery neem, moet ek daarvan verwittig, sowel as my stasiebevelvoerder.

Het jy jou stasiebevelvoerder in kennis gestel van wat jy gedoen het? ---Korrek.

Aan hom 'n rapport ingedien? ---Korrek.

Dan weet jy by wie jy jou rapport ingedien het? ---

Dit was my vraag aan jou. Wat is jou bevelvoerder se naam? ---Hoofkonstabel Viljoen.

Wie was die offisier in bevel van hierdie saracens? ---Kapt. Brummer.

Was hy die enigste offisier, of het elke saracen 'n offisier gehad? ---Hy was in bevel van die drie saracens gewees.

Was daar geen ander offisiere by nie? --- Sersante op elke ander saracen.

Nie ander offisiere nie? ---Nee.

Ry julle altyd in dieselfde saracen, of is dit nou 'n bemanning wat van tyd tot tyd opgestel is vir 'n saracen? ---Ons ry nie elke dag in 'n saracen nie, ook nie elke dag in dieselfde een nie. Sodra

--- hulle ---

hulle ons nodig kry, laat hulle ons weet, dan kom ons op na Auckland Park Polisiestasie-toe, waar hulle ons dan sê in watter saraeen ons moet wees, en waarheen ons gaan.

In watter saracen was jy daardie dag? --- Im Dl.

Is dit die enigste nommer wat hy het; hy het nie 'n ander registrasienommer nie? --- Hy het 'n registrasie. Dit kan ek ongelukkig nie sê nie.

Wie was die sersant in bevel? --- Sers. Horne.

Wat was die bemanning - hoeveel kêrels? ---Ons was ses man, saam met die offisier, op hom gewees.

Met ander woorde, kapt. Brummer was in die saracen waarmee jy gekom het? ---Korrek.

Waar is die bemanning opgestel - Auckland Park? ---Korrek.

Was daar 'n lys gemaak van die wat in elke saracen diens moes doen? --- Korrek.

En wie is die man wat daardie inligting of informasie kan verstrek? --- Dit is een of ander offisier op Auckland Park, maar ek sal nie kan sê wie presies hy is nie.

Sal hy ook kan sê - is dit die persoon wat kan sê watter wapen elke man by hom gehad het, en hoeveel skote afgeskiet is, en so aan? ---Hy kan wel moontlik sê in besit van watter vuurwapens die manne was, maar dit is moeilik vir my om te sê of hy kan sê watter skote deur elke man afgevuur is.

Wat ek wil weet is, waar kry jy die wapens; by jou hoofkwartiere of by Auckland Park? --- Ek kry dit by my hoofkwartiere.

--- En ---

En dieselfde geld vir al die ander? ---Korrek.

Die saracen wat jy in gery het, waar het dit gestaan, in die Polisiegronde? --- Dit sal ek definitief nie meer kan sê nie, aangesien ons verskeie kere uit die Polisiestasie was, uit die gronde uit, en ons verskeie kere op ander plekke stilgestaan het, of stilgehou het; met die gevolg, ek kan nie met sekerheid sê presies waar ons s'n gestaan het ten tyde van die skietery nie.

Julle het vir die laaste keer teruggekom en toe die saracen op een of ander plek parkeer. Daar het julle uitgeklim? --- Korrek.

Jy weet nie waar dit was nie? --- Soos ek reeds gesê het, verskeie kere het ons in- en uitgegaan. Ek kan nie onthou waar ons dit geparkeer gehad het nie.

Kan jy onthou wie die bevel gegee het dat julle in die linie moet gaan staan? --- Een of ander offisier het wel die bevel gegee; ek weet nie wie hy is nie.

Onmiddellik voor die skietery plaasgevind het, was daar offisiere wat voor jou, tussen waar jy gestaan het en die draad, gestaan het? ---Korrek.

Wie was hulle, of weet jy nie? --- Ek sal nie kan sê nie.

Hoeveel was daar? --- Dit kan ek ook nie sê nie.

Ken jy vir kol.Pienaar? --- Nee.

As 'n kolonel voor jou gestaan het, sou jy sy rang kon sien? --- Korrek.

Het daar 'n kolonel voor jou gestaan? --- Ek sou dit nie kon sê nie, aangesien ek nie so opgelet het nie.

--- Het ---

Het jy verwag dat daar 'n bevel sou kom dat jy moes skiet? ---- Dit is moontlik.

Nee, ek wil weet; het jy verwag dat daar 'n bevel gaan kom dat jy moet skiet? ---- Dit ismoontlik.

DIE VOORSITTER: Ek dink nie jy verstaan die vraag nie. Voordat daar geskiet is, het jy daaraan gedink, "Ek verwag daar gaan enige oomblik nou 'n bevel kom dat ons moet skiet"? ---- Korrek.

KRUISVERHOOR HERVAT: En daardie bevel sou gekom het van die offisier of die offisiere voor jou? ---- Indien hulle daardie tyd nog voor ons was, sou die bevel nog van hulle gekom het.

Het jy nie jou oog gehou op die offisier om te sien waar hy is nie? ---- Nee.

Hoekom nie? ---- Ek het die skare voor my dopgehou. Ek moes kyk, en self koes vir klippe wat van voor af gekom het.

Waar het daardie klippe vandaan gekom; van die wat naaste aan die draad gestaan het? ---- Ek kan nie sê presies watter Naturelle gegooi het nie. Dit het in elk geval vanuit die skare gekom.

Onmiddellik voor jou? ---- Dit mag van voor my wees, dit kan van die Naturelle agter hulle wees, of van heel agter, uit die bondel uit. Ek kan nie sê nie.

DIE VOORSITTER: Ja, maar het dit van die kant van jou gekom, of van die wat reg voor jou was? ---- Ek ...

Nie naaste aan jou nie, maar voor jou; of hulle nou dieper in gestaan het, of voor gestaan het? ---- Dit is moeilik. Die klippe het van verskeie rigtings gekom. Ek kan nie definitief sê al die klippe het

---- het ----

van voor af gekom, of hulle het van links of van regs gekom nie.

KRUISVERHOOR HERVAT: Was daar tussen die wat teenaan die draad gestaan het, baie kinders, en baie vrouens? —— Daar was onder andere kinders sowel as vrouens, maar daar was nie baie van hulle gewees nie.

Het jy gedink dit is gevaarlik om te skiet as daar kinders voor jou staan? -y- Dit is korrek.

Hoekom het jy geskiet; het jy die ander skote gehoor? Het jy self besluit of het jy gedink dat daar 'n bevel wel gegee was, wat jy nie gehoor het nie? —— Ek het uit my eie geskiet.

So, jy sou geskiet het, al het niemand anders geskiet nie? ——Korrek.

En jy sou op snelvuur geskiet het, al het niemand anders geskiet nie? —— Korrek.

En al het niemand 'n bevel gegee nie? —— Korrek.

DIE VOORSITTER: Is dit nie 'n bietjie gevaarlik as elkeen van die Polisielede moes besluit op sy eie wanneer om te skiet, en wanneer om nie te skiet nie? ——Indien daar net 'n klein hoeveelheid Naturelle was, meer kinders en vrouens as wat daar mans was, en indien hulle nie die houding ingeneem het wat hulle ingeneem het nie, sou dit definitief nie die geval gewees het nie.

KRUISVERHOOR HERVAT: Jy het gepraat van 'n verduideliking waarom jy geskiet het, aan een of ander van jou offisiere? —— Korrek.

Het jy daardie verklaring in skrif gestel? —— Korrek.

——Is ——

Is dit beskikbaar? --- Ek sal nie kan sê nie; ek het dit nie meer nie.

Het jy 'n afskrif daarvan gehou? ---Nee.

Aan wie het jy dit gegee? --- Die offisier of sersant wat die verklaring van my geneem het, het alles geneem. Ek weet nie waar dit is nie.

Praat jy van die verklaring wat hier gebruik is? --- Ek weet nie of dit dieselfde verklaring is wat nou hier gebruik is, as die een wat ek ingesit het op Sharpeville nie.

Het jy meer as een gemaak? ---Nee; net een op Sharpeville, en daarna 'n rapport aan my stasiebevelvoerder.

Jou verklaring in verband met hierdie gebeure is gemaak dieselfde dag, op Sharpeville? ---Korrek.

Aan wie? --- Ek kan nie sê nie. Ek ken die mense nie.

Die verklaring wat jy gemaak het wat hier gebruik is, is op die 23e Maart gemaak? --- Dit mag ook moontlik wees. Ek kan nie sê of ek dit die 20e, die 21e, die 22e of die 23e gemaak het nie. Maar ek het dit wel nog gemaak terwyl ons nog op Sharpeville was.

Het julle nie dieselfde dag teruggegaan na Johannesburg nie? ---Nee.

Met jou aankoms daar, hoeveel Polisie was daar ongeveer in die Polisieterrein? --- Dit is moeilik om te sê. Hulle was nie almal voor die plek, sodat 'n mens kon sê daar is min of meer vyf of daar is 105 Polisiemanne nie. Hulle was vry gewees, voor, agter, binne en rondom die plek.

Kon jy skat na die linie? --- Dit was nog moeilik

--- gewees ---

gewees aangesien nie almal daar was nie, maar volgens my skatting was daar ongeveer dertig tot veertig Polisiemanne gewees.

Nie meer as dertig tot veertig nie? --- Ek sal nie sê daar was nie meer nie; dit is volgens my skatting.

Nee, volgens jou skatting. Ek vra jou nie om te sê presies hoeveel daar was nie. Jou skatting is, nie meer as dertig na veertig nie? --- Min of meer.

Hoe het julle gestaan - in een ry, of in meer rye? --- Ek weet nie of daar agter ons nog rye was nie, maar ek het in een ry gestaan - dit is al wat ek van weet.

Watter bevel het julle gekry toe julle moes aantree? --- Dit is aan ons gesê dat ons moes aantree, en 'n ruk daarna is aan ons gesê dat ons vyf rondes moes laai.

As daar gesê word dat julle moet aantree, wat beteken dit? --- Dat ons moet aantree in die vorm wat die offisier aan ons beduie, hoe om te maak.

Iemand het vir my gister gesê dit beteken dat jy in jou gewone formasie moet staan, dit wil sê in drie rye? --- Dit is korrek.

Was daar drie rye, of was daar nie drie rye nie? --- Dit kan ek nie sê nie, aangesien die offisier daar die bevel gegee het en gesê het hoe ons moet staan. Ek kan nie sê of daar twee, drie of selfs tien rye was nie.

En waar het jy hierdie wapens gesien, in die skare? Waar het die mense wat die wapens gehad het, gestaan? --- Orals.

Wat beteken "orals"? --- Die meeste van die

---Naturelle ---

Naturelle was wel gewapen.

Waar het jy wapens gesien onder die skare. Ek wil hê jy moet aan my verduidelik - teen die draad, in watter rigting, voor jou, langs jou, aan die kante, by die hek; waar? ---- Soos ek reeds gesê het, orals; volgens my was al die Naturelle gewapen. Ek kan nie sê of dit net die drie voor my was, of die tien agter hulle, of 110 aan die linkerkant of aan die regterkant nie.

DIE VOORSITTER: Wanneer het jy opgelet dat hierdie mense wapens in hulle besit het? ---- Terwyl ons daar aangetree het.

Voor dit, het jy enige tekens van wapens gesien? ---- Toe het ek nie so opgelet nie.

Na julle aangetree was, sê jy, jy het wapens gesien? ----Korrek.

Was dit alleen wat betref die mense wat naaste aan jou was? Of het jy verder in ook wapens opgelet? ---- Sover ek kon sien, was die meeste van hulle gewapen.

KRUISVERHOOR HERVAT: Jy het nou 'n verduideliking gegee; jy het 'n beskrywing gegee, selfs, van die wapens wat jy gesien het? ----Korrek.

Jy sê jy het 'n handbyl gesien? ----Korrek.

Was dit meer as een? ---- Dit is moontlik. Ek kan nie sê of daar meer as een was nie.

Ek wil nie weet of dit moontlik is nie. Het jy meer as een handbyl gesien? ---- Ek mag meer as een gesien het, maar ek kan dit nie onthou nie.

Jy kan nie onthou of jy meer as een handbyl gesien het nie? ----Korrek.

Jy het ook gesien dat die mense gewapen is met kieries. Hoeveel kieries het jy gesien? ---- Dit kan ek ook nie sê nie, aangesien ek nie gaan staan het om te tel nie.

Was daar enige ander wapens wat jy gesien het? ----Behalwe die klippe, die kieries en die handbyle, kan ek nie op - kan ek nie enigiets spesifieks noem nie.

Was daardie wapens iets wat almal wat in daardie linie gestaan het, seker sou kon gesien het? ---- Dit is moontlik. As hulle gekyk het, sou hulle dit kon gesien het.

Nee, dit is nie moontlik nie; as dit so maklik is dat jy dit kon sien, kon ander mense dit ook sien? ---- Dit is moontlik.

DIE VOORSITTER: Die wapens wat jy gesien het, was dit langs hulle liggame gehou, of was dit bo in die lug geswaai, of wat was die posisie? ---- Dit is op verskillende maniere gehou. Ek kan nie sê hulle het dit probeer wegsteek, langs hulle sye gehou of agter hulle rug of iets van daardie aard nie. Hulle het dit op enige manier gehou.

KRUISVERHOOR HERVAT: Ek is jammer, maar ek is nie tevrede met die antwoord dat dit "moontlik" is nie. Ek wil weet, dat ander mense wat in daardie omgewing was, sou kon gesien het dat feitlik almal gewapen is? ---- Soos ek reeds gesê het, dit is moontlik. Ek is nie in 'n ander man se skoene om te sê dat hy wel daar gekyk het om dit raak te sien nie, en of hy ander pad gekyk het nie.

As jy dit maklik kon raaksien, sou ander dit ook

---- maklik ----

maklik kon raaksien? ---- Dit is moontlik.

Maar dit is onmoontlik dat hulle dit nie sou raaksien nie? ---- Dit sou ek nie sê nie.

DIE VOORSITTER: Laat ek dit so stel: Was dit so ooglopend gewees dat 'n gewone mens wat in jou omgewing gestaan het, nie anders kon as om dit raak te gesien het nie? ---- Indien hy gekyk het, moes hy dit raakgesien het.

Bloot na die skare gekyk het? ----Korrek.

KRUISVERHOOR HERVAT: Jy sê jy het enkele skote gehoor, voor die sarsie? ----Korrek.

Kan jy sê hoeveel daar was?---- Dit is moeilik om te sê, maar volgens wat ek kan onthou, min of meer drie na vier skote.

Is dit al skote wat volgens jou mening van die skare af geskiet is? ---- Korrek.

Wat het jy gehoor - net die geluid van 'n skoot? ---- Korrek.

Naby die draad, ver van die draad, aan die ander kant van die straat, waar? ---- Dit is moeilik om te sê. Dit was in die skare gewees. Ek kan nie sê of dit ver was nie. Dit was in elk geval nie reg voor my, teen die draad nie.

Die mense was gepak aan daardie Westekant, nie waar nie? ---- Korrek.

Hoekom sê jy dan dat die skote "vermoedelik in ons rigting geskiet was"? ---- Aangesien ek nie kon sê in watter rigting die patrone gegaan het nie.

Hoekom sê jy "vermoedelik in ons rigting"? ---- Dit is - hoe sal ek nou sê; volgens my, wat ek sou

sou aanneem, indien die Naturelle buite om die Polisiestasie nou sou staan, en hulle is van plan om die plek aan te val, sal daardie patrone definitief in ons rigting gevuur gewees het.

Weet jy wat hulle planne was? --- Dit sal ek nie kan sê nie.

Natuurlik nie. Wil jy voorgee dat iemand met 'n rewolwer in die middel van so'n groot skare, na iemand kan mik en skiet? --- Dit sal ek nie kan sê nie.

Jy sê, soos jy gesê het in jou hoofgetuienis, dat die Naturelle gepoog het om oor die draad te klim. Praat jy nou van die draad onmiddellik voor jou? --- Korrek.

Hoeveel het gepoog om oor die draad te klim? --- Verskeie van hulle. Daar was 'n hele paar wat reeds halfpad ofheër teen die draad op gewees het.

Hoeveel? --- Dit kan ek nie sê nie. Ek het hulle nie getel nie.

Nee, maar jy kan 'n skatting gee van 'n skare van 10,000? --- Dit kan ek nie doen nie. Die draad is lank. Ek kan nie sê presies hoeveel Naturelle op die draad was reg voor my nie.

Hoe ver het hulle gekom? --- Soos ek reeds gesê het, daar was party van hulle wat reeds halfpad op was. Daar was party wat reeds hoër op was.

Verduidelik presies vir my hoe het hulle geklim? Wys vir my? --- Hier is nie 'n draad om te wys nie, anders kon ek dit gedoen het.

DIE VOORSITTER: Nee, wag, luister nou. Het die

--- mense ---

mense probeer oorklim ...? —— Korrek.

.... deur hulle skoene of voete in daardie diamant waaruit die draad bestaan, te sit, en dan op te klim? ——Korrek.

Of het hulle probeer om met hulle hande bo-op die draad te druk en dan die een been bo-oor te lig; of het hulle bloot probeer om die draad vooroor, plat te druk en dan daaroor te loop? ——Hulle kon nie oorspring nie. Die skare was te groot toen hulle gewees; met die gevolg, hulle moes toen die draad opklim. Hulle moes met hulle voete, soos u beduie het, deur die draad trap en met die draad opklim, om bo te kom.

Was dit nou groot mens gewees, of kinders? —— Grotes, al die soorte.

KRUISVERHOOR HERVAT: Al die soorte - kinders ook? —— Dit is moontlik.

Wil jy voorgee dat kinders van plan was om julle aan te val? —— Dit sal ek nie sê nie. Hulle het miskien daar opgeklim net om te probeer om bo-oor te kyk, oor die draad.

Onmiddellik toe dit gebeur, toe skiet julle? —— Korrek.

Hoeveel skote, skat jy, het jy met 'n stengeweer afgeskiet in'n tydperk van ag of tien sekondes? —— Dit is moeilik om te sê; ek sal nie kan sê nie.

Baie? —— Dit is moontlik.

Veel meer as wat jy met 'n .303 of 'n rewolwer sou kon skiet? —— Definitief.

- VERDAAG: 12.45 n.m. -

- HERVAT: 2.15 n.m. -

SYBRANDT GERHARDUS VAN NIEKERK, nog onder eed:

KRUISVERHOOR DEUR MNR. PLEWMAN HERVAT: Konst. van Niekerk, ek wil u nog net 'n paar vrae vra oor die stengeweer; dit sal miskien help. Toe jy van Johannesburg af weg is, is julle voorsien met 'n tweede magasyn of 'n derde magasyn? —— Korrek.

Hoeveel? ——Ons het twaalf magasyne gehad.

Kan u vir my sê of dit iets is wat 'n mens maklik kan doen, en of dit tyd vat om 'n nuwe magasyn in te sit? —— Dit is baie vinnig. Dit neem nie veel tyd nie.

DIE VOORSITTER: Is die patrone klaar, in 'n magasyn, wat jy net inhaak, of ...? ——Korrek

KRUISVERHOOR HERVAT: Dit sal seker dieselfde wees vir almal? —— Dit is korrek.

Ek wonder of jy na Bewysstuk "E" kan kyk (aan getuie oorhandig). Hoeveel mense skat jy is daar in die skare, daar om die Polisieterrein? —— Enigiets oor die 10,000 lewende wesens.

Min of meer soos dit was toe julle daar gekom het? —— Min of meer.

Kort voor die skietery, het jy gesien of daar enigiets by die hek van die Polisiekamp gebeur het? —— Korrek.

Wat het daar gebeur? —— Een of ander offisier het een of ander Naturelleman daar gearresteer, by die hek.

Was dit 'n offisier in uniform? —— Ja; hy was in uniform gewees.

—— Kn ——

En is dit al wat daar gebeur het? ----Behalwe dat die Bantoes probeer het om daar by die hek in te kom.

Wat het toe gebeur? Is hulle uitgesmyt deur die Polisie? ---- Hulle is teruggedruk.

Deur die Polisie? ---- Korrek.

En hulle het nie teruggegaan nie? ---- Hulle het nie teruggegaan nie; hulle is teruggedruk.

Ek stel dit aan jou, hulle is teruggedruk en toe het hulle teruggegaan? ----Hulle het nie teruggegaan nie. Hulle is teruggedruk.

Hoe lank voor die skietery was dit? ---- Ek sal nie kan sê nie. Ek is nie seker nie.

DIE VOORSITTER: Was dit 'n kwessie van sekondes, of minute? ---- Dit was minute, vermoedelik. Dit was egter nie kort voor die skietery gewees nie. Dit was minute, in elk geval.

KRUISVERHOOR HERVAT: Is dit die laaste ding wat jy persoonlik gesien het wat by die hek gebeur het, voor die skietery? ---- Korrek.

GEEN VERDERE VRAE NIE.

MNR. CLAASSEN: GEEN HERVERHOOR NIE.

---

FREDERICK JOHANNES CORNELIUS STAPELBERG, beëdig, verklaar:

VERHOOR DEUR MNR. CLAASSEN: Jy is 'n konstabel in die Suid-Afrikaanse Polisie, gestasioneer te Johannesburg? ---- Dit is reg.

DIE VOORSITTER: Wanneer het jy by die Polisiemag

---- aangesluit ----

aangesluit? --- September 1957.

VERHOOR HERVAT: Op Maandag die 21e Maart, is jy tesame met andere hier na Sharpeville-lokasie? --- Dit is reg.

Onder wie se bevel het jy gestaan? --- Hoofkonstabel Malan.

En hoeveel manne was julle bynakaar? --- Twintig blanke manne.

Waarmee het julle gekom? --- Met een vragmotor.

En hoe laat het julle by Sharpeville aangekom? --- Ongeveer 11-uur voormiddag.

En het julle direk by die lokasie ingegaan? --- Nee. Ons het 'n rukkie vertoef in die hoofweg.

Waarvoor? --- Daar was 'n skare Bantoes byeen. Maar ons het nie uit die vragmotor geklim nie. Ons het in die vragmotor bly sit.

Het julle daar stilgehou, voor die skare? --- Ons het 'n rukkie daar vertoef.

Hoe ver was dit van die hek af? ---Nee, dit was heeltemal in die hoofweg, hier onder, as jy afgaan na die lokasie-toe.

Was julle al in die lokasie in gewees? ---Ja.

Daar waar julle stilgehou het, was daar ander Polisie ook gewees, of nie? ---Ja; daar was Polisiemanne onder bevel van luit. Visser.

Hoekom het julle daar vertoef? ---Nee, ek sou nie kon sê nie.

Het julle lank vertoef, daar? --- Ongeveer twintig minute.

--- Waar ---

Waar is julle toe heen? --- Toe is ons na die Polisiestasie.

Het julle deur die hek gery, op die Polisiepersele? --- Ja.

Was daar toe Bantoes om die Polisiestasie? ---Ja.

Hoe laat het julle omtrent daar aangekom, by die Polisiestasie? ---Ongeveer 11-uur.

Het julle toe daar gebly tot die skietery plaasgevind het? ---Ja.

Julle het nie weer die persele verlaat nie? ---Nee.

Toe julle daar aangekom het, was daar al ander voertuie gewees? ---Nee, ek sou nie kon sê nie.

Was jy bewus van die feit dat kol. Pienaar en kol. Spengler met mense daar aangekom het? ---Ja.

Het jy hulle gesien kom? --- Ja.

Hoe lank was dit omtrent voor die skietery?--- Nee, ek sou nie kon sê nie.

Het daar enigiets plaasgevind wat jy opgemerk het, voor die aankoms van kol. Pienaar? ---Nee.

Tot op daardie tyd, wat was die houding van die skare, van die Bantoes? --- Hulle het 'n dreigende houding gehad.

Op watter wyse? --- Hulle het geskree en aanmerkings aan ons gerig.

Kan jy onthou van die aanmerkings wat hulle gemaak het? --- Nee.

DIE VOORSITTER: Die aanmerkings - watter taal was gebruik, sover jy gehoor het? ---In Afrikaans.

--- VERHOOR HERVAT ---

VERHOOR HERVAT: Kan jy niks onthou wat hulle gesê het nie? ---Nee.

Jy sê hulle was dreigend. Waarop baseer jy dit? --- Wel, van die Naturelle het met hulle vuis na ons gewys en sommige het selfs na ons gespoeg.

Was julle later in gelid opgestel gewees deur kol. Pienaar? ---Ja.

Hoe was jy gewapen? ---Met 'n .303 geweer en 'n .38 rewolwer.

Het jy ook geskiet? ---Ja.

Het jy 'n bevel gehoor? --- Nee.

Hoekom het jy dan geskiet? --- Wel, daar het 'n Naturel gestaan met 'n klip in sy hand, en hy was van plan om na my te gooi, en ek het op hom gevuur.

Was dit die enigste klip wat gegooi was? ---Nee; daar was baie klippe gegooi, waarvan die een my ook teen die kop getref het.

Was dit nadat julle in gelid gestaan het? --- Ja.

Wat het toe gebeur? --- Ek het geval. Een van die konstabels wat langs my gestaan het, het my opgetel. Ek het nie my bewussyn verloor nie. Ek was by my volle bewussyn. Terwyl ek opgestaan het, het ek gesien dat een van die Naturelle 'n klip in sy regterhand gehad het. Hy het sy arm bokant sy kop gelig en was van plan om na my te gooi, waarop ek na hom gevuur het.

Het jy die eerste skoot afgetrek, of was daar ander skote, ook? --- Nee; ek het begin vuur nadat ek van die grond af opgestaan het. Toe is daar alreeds gevuur.

--- Hoe ---

Hoe kon jy seker wees dat hy werklik na jou mik met die klip? ---- Wel, ek was ongeveer ag treë van die Naturel af, en het heel voor gestaan, ongeveer vier treë vanaf die hek, aan die linkerkant van die hek, en ek kon sien dat hy duidelik na my mik.

DIE VOORSITTER: Het hy teenaan die draad gestaan, of terug van die draad? ---- Hy was ongeveer 'n tree aan die ander kant van die draad.

VERHOOR HERVAT: Het daar iemand voor hom gestaan, of nie? ---- Daar het niemand voor hom gestaan nie.

Het jy hom raakgeskiet? ---- Hy het geval nadat ek gevuur het, maar ek kan nie sê dat ek hom getref het nie, aangesien daar van die konstabels rondom my gestaan het wat in dieselfde rigting as ek gevuur het.

Toe jy die persoon sien met die klip omhoog, was dit voordat daar gevuur was van enige kant, of was daar toe alreeds gevuur? ---- Daar was toe alreeds gevuur.

Ek verstaan van jou dat jy hierdie man gesien het met die klip nadat jy opgestaan het, nadat jy reeds getref was? ---- Dit is reg.

En die manne wat langs jou gestaan het, aan weerskante, aan jou linkerkant en regterkant, waarmee het hulle geskiet? ---- Ek sou nie kon sê nie.

Weet jy nie of hulle gewere gehad het, of die gewone .303 of rewolwers of stengewere? ---- Ek vermoed dat hulle almal gewere gehad het.

Jy sê voordat jy geskiet het, was daar reeds geskiet? ----Ja.

Hoeveel skote, sou jy sê, kon 'n persoon nou - vandat die skietery begin het, hoeveel skote sou 'n man

kon afskiet met 'n .303 geweer voordat jy begin het? --- Wel, ek sou sê ongeveer vier skote, maar ek is nie seker nie.

Hoeveel skote het jy geskiet? --- Drie skote.

Wanneer het jy opgehou? --- Ek het opgehou vuur voordat die bevel "Staak vuur" gegee is.

Hoekom het jy opgehou skiet? --- Daar het van die konstabels wat saam met my was, voormy ingeloop, toe kon ek nie vuur nie.

Jy sê jy het drie skote geskiet met die .303? --- Dit is reg.

DIE VOORSITTER: Was daar nog heelwat geskiet nadat jy self opgehou het, of het die "Staak vuur" kort daarna plaasgevind? --- Die "Staak vuur" het fietlik onmiddellik daarna gekom.

MNR. CLAASSEN: GEEN VERDERE VRAE NIE.

KRUISVERHOOR DEUR MNR. PLEWMAN: Konst. Stapelberg, ek het nie gehoor nie; waar is jy gestasioneer? --- Te Sentraal, Johannesburg.

En jy sê onder bevel van hoofkonstabel Malan is jy vanaf Johannesburg na Sharpeville? --- Dit is reg.

Julle het nie 'n offisier gehad nie? ---Nee.

Wat het julle gedoen nadat julle om-en-by 11-uur aangekom het; het julle somar rondgestaan in die Polisiekamp? ---Ons was in die binneplaas van die Polisiestasie.

Praat jy nou van die geboue self? --- Dit is reg.

Wat het julle daar gemaak? --- Wel, ons het daar gesit.

Rond gesit, en gewag? --- Ja.

--- A1 ---

Al twintig van julle? —— Dit is reg.

Was julle die enigstes wat daar gewag het, of was daar ander Polisie ook wat daar rondgesit het? —— Ek sou nie kon sê nie. Ek vermoed dat daar later nog Polisiemanne by gekom het.

Met ander woorde, daar het nog ander versterkings by gekom en hulle het ook dadelik in die agterplaas kom sit? —— Dit is reg.

Jou manne, was hulle almal gewapen? ——Ja.

Was hulle almal gewapen met gewere, of was daar stengewere ook? —— Ek sou nie kon sê nie.

Wanneer het jy gelaai? ——Ons het die bevel gekry toe ons by die lokasie aangekom het, en by die hoofweg stilgehou het.

Met ander woorde, lank voor die skietery by die Polisiestasie? —— Dit is reg.

Wie het die bevel gegee? —— Hoofkonstabel Malan.

Hoeveel het julle gelaai? —— Tien rondes.

Die magasyn vol? —— Dit is reg.

En die rewolwer wat jy by jou gehad het? —— Dit was alreeds gelaai gewees.

Toe julle aangetree is by die Polisiestasie, kan jy vir my sê of julle in een ry gestaan het, of meer as een ry? ——Ons het in een ry gestaan.

Van die begin af, tot na die skietery?—— Nee; na die skietery ...

Ek praat van onmiddellik na die skietery; op daardie stadium toe die skietery gestaak is? ——Nee, toe was die Polisiemanne deurmekaar gewees, as gevolg daarvan

—— dat ——

dat hulle moes gekoes het vir die klippe.

Was julle nie op enige stadium opgestel in drie rye nie; julle het in julle een lyn bly staan en toe was julle 'n bietjie deurmekaar met die klipgooiery? --- Ek het aan die bo-punt gestaan. Ek vermoed dat daar later 'n bevel was, maar ek weet nie daarvan nie. Ek en 'n paar manne het die heel tyd in een ry bly staan.

As u praat van die bo-punt, waar is dit? Miskien sal dit makliker wees as u kyk na Bewysstuk "B", 'n lugfoto.

DIE VOORSITTER: Kan u sien waar noord is? --- Dit is op die Suid ...

KRUISVERHOOR HERVAT: Hierdie kiekie is gevat van die Suidekant, en dit wys Noord. Waar het jy gestaan? ---Op die Suidelike hoek.

Dit wil sê, langs die teerstraat wat 'n mens hier kan sien? --- Dit is reg.

Hoe ver van die draad van die Suidelike kant? --- Ongeveer vyf treë.

Was daar nog manne aan jou linkerkant, of was jy die laaste man in die ry? --- Nee; daar was nog manne aan my linkerkant.

Min of meer hoeveel? --- Ek sou nie kon sê nie.

DIE VOORSITTER: Het hulle ook reguit gestaan, of het hulle 'n neiging getoon om as't ware so om die draai te staan, sodat hulle Suid kyk? ---Nee, hulle het reguit gestaan.

KRUISVERHOOR HERVAT: Hulle het Wes gekyk? --- Dit is reg.

--- Ek ---

Ek wil graag hê dat u 'n skatting maak - dit maak nie saak of dit reg of verkeerd is nie. Ek wil net weet min of meer hoeveel mense was daar aan jou linkerkant, om 'n idee te kry van hoe julle gestaan het? ---Nee, ek sou nie kon sê nie.

DIE VOORSITTER: Was dit net 'n paar, of was dit miskien dertig man, of hoe sou jy reken? --- Dit was net 'n paar.

KRUISVERHOOR HERVAT: Weet jy wie langs jou gestaan het? ---Nee; ek weet nie.

Het jy 'n offisier gesien vanwaar jy gestaan het? ---Nee, ek weet nie.

Jy het nie 'n offisier daar gesien nie? --- Nee.

Het saracens daar rond gestaan? --- Daar was saracens in die gronde, maar ek sou nie presies kon sê waar hulle gestaan het nie.

Was daar een naby waar jy gestaan het? --- Nee.

Was daar enige voertuie, wat jy kon sien? --- Nee.

DIE VOORSITTER: Hoeveel saracens het jy daar opgelet, dit is nou kort voor die skietery plaasgevind het? --- Ek meen drie.

Sover jy onthou, waar was hulle toe opgestel? Waar was hulle geparkeer? Laat ek dit só stel: Was enige geparkeer binne-in die binneplein van die Polisiekantoor-gebou? ---Nee, ek sou nie kon sê nie.

Jy kan nie onthou nie? ---Nee.

KRUISVERHOOR HERVAT: Wat was die toestand aan die Suidekant van die Polisiestasie? Was daar

manne ook opgestel kort voor die skietery, langs die Suidekant? ---Nee, ek sou nie kon sê nie.

Het jy 'n bevel gehoor dat julle moet laai? --- Ja; ek het so'n bevel gehoor.

Waar het daardie bevel vandaan gekom, en wie het dit gegee? Waar het die man gestaan wat die bevel gegee het? --- Aan die Noordelike punt.

Die Noordelike punt van die polisieterrein? --- Dit is reg.

Dit wil sê, aan die teenoorgestelde punt vanwaar jy gestaan het? --- Dit is reg.

Jy het gehoor daar word gesê julle moet vyf rondes laai? --- Dit is reg.

Wat was die - hier aan die draad, aan die Suidekant, was daar 'n groot skare daar, ook? ---Ja.

En baie van hulle het so-te-sê agter julle gestaan; julle het Wes gekyk? --- Dit is reg.

Het jy gesien wat van hulle geword het toe die skietery begin het? Of weet jy nie - het jy al die tyd Wes gekyk? --- Ek het die heel tyd Wes gekyk.

Jy het verduidelik hoe dit gekom het dat jy jou eerste skoot geskiet het. Na jou eerste skoot, wat het die skare hier aan die Westekant gedoen? Het hulle weggedraai? ---Party het weggedraai; party het nog bly staan.

Hoe lank het hulle nog bly staan? --- Wel, ek sou nie presies kon sê nie.

Ek vra jou nie presies nie. Ek vra jou vir 'n skatting.

DIE VOORSITTER: Toe jy jou derde skoot geskiet

het, wat was die posisie toe daar voor jou? Sover jy kon sien? —— Ek het een skoot op die Naturel gevuur wat na my wou gooi. Die ander twee skote het ek in die grond gevuur. Dit was toe die skare nog na my gekyk het.

KRUISVERHOOR HERVAT: Waar het jy hulle in die grond gevuur? Voor jou? —— Voor my.

Hoe ver was jy van die draad af? ——Ongeveer vyf treë, soos ek alreeds gesê het.

Min of meer het daardie skote in die grond gegaan?——Ongeveer by die draad.

Het jy dit doelbewus gedoen? ——Ja.

So jy het genoeg plek gehad om nog 'n skoot voor die skare hier in die grond te skiet? —— Dit is reg.

Wat het jy toe daarmee bedoel - om die mense af te skrik? —— Dit is reg.

Hoe lank - het jy daardie skote kort agtermekaar afgeskiet, of het jy 'n rukkie gewag tussen elke skoot? —— Ek het kort agtermekaar geskiet.

Hoe lank het dit gevat vir die drie skote - min of meer; niemand kan sê presies nie? ——Ongeveer ses sekondes.

Vir die drie skote? —— Dit is reg.

Daar was skote voor jy geskiet het, en daar was nog skote nadat jy jou laaste skoot geskiet het? —— Ja. Dit is reg.

Die eerste skoot wat jy gehoor het, waar het dit vandaan gekom? Van die Noordekant, naby waar jy gestaan het, Wes? —— Ek sou nie kon sê nie, aangesien

aangesien ek toe raak gegooi gewees het, feitlik onmiddellik toe die eerste skoot geval het.

Jy het nie jou bewussyn verloor nie? ---Nee.

So jy kon nog hoor wat aangaan? --- Ja.

Waar het die eerste skoot vandaan gekom?

DIE VOORSITTER: Hoekom het jy geval? --- Ek het geval as gevolg van die fors waarmee die klip gegooi was.

KRUISVERHOOR HERVAT: Is jy in die hospitaal behandel hiervoor? ---Nee.

So, jy kan my nie help nie. Jy weet nie waar die eerste skoot vandaan gekom het nie? ---Nee.

Kan jy aan my sê waar die laaste skote vandaan gekom het? ---Nee, ek sou nie kon sê nie.

Kan jy vir my 'n skatting gee van hoe lank julle in die linie gestaan het voor die skietery? ---Nee, ek sou nie kon sê nie.

DIE VOORSITTER: Was dit enkele minute, of was dit miskien tien minute of 'n kwartier, 'n halfuur? --- Ongeveer 'n minuut.

Nadat julle aangetree het? --- Dit is reg.

In daardie minuut, het julle dan ook die opdrag gekry om te laai? --- Dit is reg.

KRUISVERHOOR HERVAT: Het julle op enige stadium bevel gekry of julle moet skiet, of julle moet wag of wat julle moet maak in daardie linie waarin julle gaan staan het? ---Nee; nie wat ek van weet nie.

Niemand het aan jou gesê wat moet gebeur nadat julle in die linie opgestel is nie? ---Nee.

Ek dink jy het gesê dat jy nie 'n bevel gehoor

--- het ---

het dat julle moet skiet nie? ---- Dit is reg.

Volgens staande instruksies, moet julle wag vir 'n bevel?

DIE VOORSITTER: Nie wat jy nou weet nie, maar daardie dag; wat het jy gedink? ---Nee, ek sou sê dit was nie nodig gewees nie.

KRUISVERHOOR HERVAT: Wat sê staande instruksies; sê dit jy moet wag vir 'n bevel? ---Nie in gevalle waar die stasie aangeval word, of waar jy self noodlottig beseer kan word, of ander mense nie.

Is dit nie alleen waar jy nie onder die bevel van 'n offisier is nie, waar dit geld? ---Nee.

Sê die staande instruksies - behalwe die twee gevalle waarvan jy gepraat het, sê die staande instruksies dat jy moet wag vir 'n bevel? ---- Nee.

DIE VOORSITTER: Kyk, jy het nou die opdrag gekry om te laai, saam met al die ander, en julle het in 'n lyn gestaan? ---- Dit is reg.

Het jy toe by jouself gedink,"Kyk, daar is 'n moontlikheid dat ons miskien later mag skiet"; het dit jou gedagte binnegeskiet? ---- Nie op daardie oomblik nie.

Wanneer het dit jou gedagte binnegeskiet dat julle miskien moet gebruik maak van die vuurwapens? ---'n Rukkie daarna het die skare 'n heeltemal dreigende houding aangeneem.

Wat het jy nou verwag sou die teken wees dat julle almal moet skiet? ---- Ek sou verwag dat daar 'n bevel moes gewees het.

KRUISVERHOOR HERVAT: Het julle instruksies gekry, toe julle die eerste keer gelaai het, met julle

---- aankoms ---

aankoms by die lokasie self, daardie oggend, in verband met die gebruik van vuurwapens? ---Nee.

Het die hoofkonstabel nie vir julle gesê julle moet nie skiet sonder 'n bevel nie? --- Dit is reg.

Jy het gesê, in antwoord op die geleerde Kommissaris, dat jy op 'n sekere stadium verwag het dat dit nodig sou word om te skiet. Daarna, sê jy, het die skare opstandig geword. Wat presies het hulle gedoen? Wat was die verandering in die toestand? --- Wel, ek het gesien dat kol. Spengler een van die Naturelle aan sy arm neem. Ek vermoed dat hy hom gearresteer het, maar ek is nie seker nie. Feitlik onmiddellik daarna, het die skare heeltemal opstandig geword.

Dit was die arrestasie, klaarblyklik, wat hulle toe kwaad gemaak het? ---Nee; ek sou nie so sê nie.

Wat was dit dan wat hulle so skielik laat te kere gaan het? --- Ek sou nie kon sê nie.

Waar het daardie arrestasie plaasgevind; by die hek van die Polisiekamp? --- Dit is reg.

Was daar op daardie stadium ander Polisie by die hek - ek praat nou nie van die linie nie; ek praat nou van ander, as ek dit so mag beskryf, los polisie? --- Ek dink daar was nog 'n speurder gewees.

Was dit met die twee van hulle? --- Ek meen so.

Hulle was by die hek besig? --- Dit is reg.

Was die hek oop, of was dit toe? --- Ek sou nie kon sê nie.

Het jy nie opgelet of die Naturel wat gearresteer was, binnekant die draad was, of buite nie? --- Ja, dit is 'n dubbele hek, en die een kant, dink ek, was oop gewees.

Die ---

Die een kant was oop gewees, voor die hele skare? ---Ja. Dit is reg.

Hoe lank, meen jy, het die Polisie geskiet? Hoe lank het die skietery aangehou? --- Ek sou sê van vyftien na twintig sekondes.

Moet my nie misverstaan nie; ek wil net weet hoe jy hierdie skatting maak. Is dit iets wat bespreek is onder die Polisie? ---Nee.

Het jy nooit met enige van die konstabels wat by jou was, vir hom gevra of vir iemand anders gevra, "Kyk, hoe lank dink jy het die skietery aangehou?"? --- Nee.

Is jy seker? ---Ja.

DIE VOORSITTER: Het jy nie na die voorval, en selfs toe hierdie Kommissie gesit het, in die koerant gelees van skattings wat beskrywe, of gemaak was nie? ---Ja; ek het in die koerante daarvan gelees.

Party skat soveel sekondes en ander skat soveel sekondes? ---Ja.

KRUISVERHOOR HERVAT: Het jy nie as gevolg van wat jy daar gelees het, vir die ander kêrels gevra "Nou hoe lank dink julle?" nie? --- Nee; ek het hulle nie gevra nie.

Het jy - was jy gevra toe jy jou verklaring gemaak het? ---Ja.

Het jy van toe af vir mense gevra, "Hoe lank dink julle?"? --- Nee; ek het niemand gevra nie.

Kan jy vir my 'n skatting gee van hoe groot die skare om die Polisiestasie was? --- Ek sou sê ongeveer 10,000.

--- Jy ---

Jy het nog nie gesê waarom jy self besluit het om te skiet nie. Was dit omdat jy ander skote gehoor het, of het jy maar self besluit, "Nou is die tyd om te skiet"? --- Soos ek alreeds gesê het, ek het op die Naturel gevuur omdat hy van plan was om na my te gooi.

Was dit genoegsame rede om te skiet? ---Ja, ek reken so.

Sou jy geskiet het, al het niemand anders 'n skoot afgetrek nie? --- Ja.

So jy neem volle verantwoordelikheid vir die skote wat jy geskiet het. Jy het nie gewag op iemand anders om - jy het besluit, nou moet jy skiet? --- Ja.

En die enigste rede is die rede wat jy alreeds gegee het? --- Dit is reg.

Die skare om die draad, was daar nie baie kinders tussen hulle nie? --- Daar was 'n paar gewees.

Net 'n paar, of 'n hele klomp, of baie? --- Ek sou sê daar was 'n hele klomp.

Was daar ook vroumense teenaan die draad? ---Ja.

'n Paar, 'n klomp, of baie? --- 'n Klomp.

Die beskrywing wat jy gegee het van die Naturel wat gestaan het met die klip in sy hand - jy sê jy was ag treë van hom af, en hy was vier treë van die hek af? Is dit reg? ---Nee. Ek het gesê hy was ongeveer vier treë van die ander kant van die draad .

So hy was nog verder van die draad? --- Dit is reg.

En jy het gesê daar was niemand tussen hom en die draad nie? --- Dit is reg.

--- Na ---

Na die skietery verby was, hoe was die toneel daar voor jou? ---- Ek het ...

Was die skare weg? --- Ja.

Hulle het weggehardloop in verskillende rigtings, die strate op, Suid, Noord ...? --- Hulle het in alle rigtings weggehardloop.

As jy jou gedagte terugvat na die punt waar die skietery opgehou het, waar was die skare toe die laaste skoot geskiet is? --- Ek sou sê sommige van hulle was nog in die straat gewees.

Hoe ver van die Polisieterrein? --- Ongeveer twintig treë.

Met ander woorde, hulle was nog nie by die draad aan die ander kant van die straat nie? Hulle was nog nie daar verby nie? --- Sommige was daar verby; ander nie.

Ek praat nou van waar die laaste was, waar jy die laaste man gesien het wat nog gehardloop het, of vrou, of kind, toe die skietery opgehouhet? --- Aan die oorkant van die pad.

Hard besig om weg te hardloop? ---Ja.

GEEN VERDERE VRAE NIE.

MNR. LOUW: GEEN KRUISVERHOOR NIE.

MNR. CLAASSEN: GEEN HERVERHOOR NIE.

---

ERNST HENDRIK FOUCHE, beëdig, verklaar:

VERHOOR DEUR MNR. CLAASSEN: U is 'n konstabel in die Suid-Afrikaanse Polisie gestasioneer te Vereeniging? --- Ek is.

--- Op ---

Op die 20e Maart van hierdie jaar, het jy na die Sharpeville-lokasie gegaan? —— Ek het.

Hoe laat het jy daar aangekom? ——Ongeveer 10 n.m.

Wie was saam met jou? —— Sers. Kotze was saam met my.

Wat het julle daar gedoen? ——Nadat 'n sekere rapport aan ons gemaak was, het ons 'n draai deur die lokasie met die Polisie-vangwa gery.

Was julle die heel nag op diens? —— Ek was die heel nag op diens.

En is jy later na die Polisiestasie-toe? —— Ek is.

En het jy daar gebly tot die skietery? —— Ja.

Sê vir ons net in breë trekke, wat was die toestand daardie nag in die lokasie? —— Die toestand was baie oproerig gewees. Die vangwa wat ek bestuur het, was verskeie kere met klippe bestook. Die regterdeur aan my kant was 'n duik ingegooi, asook reg skuins bo-op die tent was 'n duik ingegooi.

Was dit nou gedurende die nag? —— Dit was gedurende die nag.

Het die mense dan nie gaan slaap, daardie nag nie? —— Hulle was klompe bymekaar, by skatting ongeveer 500, 300, en minder.

Het dit die heelnag deur so gegaan? —— Die heel nag deur.

Was jy hier in Seeiso-straat so teen die oggend se kant, 7-uur, 8-uur se kant, naby die Administratiewe kantore? —— Ja. Ek was daar.

Ons het getuienis gehoor dat daar Polisie was

nabŷ die kantore wat die Bantoes voorgekeer het? ---Ja.

Was jy tussen hulle? --- Ek was by gewees.

Wie was in bevel, daar? ---Maj. van Zyl was in bevel.

En het jy gehelp om hulle terug te druk? --- Ek het.

Wat was die toestand daar?--- Hulle was baie oproerig, daar, gewees; geskree "Afrika!"

Was hulle gewapen? ---Hulle was gewapen met kieries.

Hoe laat is jy na die Polisiestasie-toe? --- Ongeveer half-elf die oggend van die 21e.

Met wie is jy saam? ---Met Hoofkonstabel Heyl.

Wat was die posisie toe daar by die Polisiestasie? ---Met ons aankoms daar, rondom die Polisiestasie, aan die Westekant het dit vol Naturelle gestaan.

Dit was om half-elf? ---Half-elf die oggend.

Is julle by die hek in? ---Ons het by die groot hek ingery.

En het julle toe daar gebly? ---Ons het toe die heel tyd daar gebly.

Waar was julle voertuig? --- Agter in die perseel ingestoot.

As jy die hek deurgaan, gaan jy nog 'n groot hek deur - 'n omringmuur? --- Dit is korrek.

Was dit daar? --- Dit is reg.

Was jy daar toe kapt. Theron daar aangekom het? --- Ek ken kapt. Theron nie; ek sal nie kan sê nie.

In elk geval, was jy daar toe kol. Pienaar

--- daar ---

daar aangekom het? --- Ja.

Tydens die skietery? --- Ja.

Hoe lank het die skietery begin, nadat hy daar gekom het? --- Geruime tydjie. Ek kan nie presies sê nie, maar hy was so'n ruk daar gewees.

Het jy geskiet? --- Ek het geskiet.

Wat het jy gehad? --- Ek het 'n .38 rewolwer gehad.

Hoeveel skote het jy afgeskiet? --- Vyf skote.

Toe die skietery eers begin, het jy begin met die sarsie? --- Ek het begin nadat ek op my been gegooi was.

Wie het jou gegooi op die been? --- Dit het uit die skare gekom.

Het die ander mense toe al geskiet, of nie? --- Dit was feitlik dieselfde moment dat ons gelyk geskiet het.

Het jy gelyk met die ander geskiet? --- Ja.

Het jy gelyk met hulle opgehou skiet? --- My rewolwer wou nie die sesde skoot afgaan nie, toe het ek onmiddellik gestaak en daarna was dit dadelik verby. Hulle het onmiddellik opgehou. Die skietery was van baie korte duur gewees.

